


# GERAAMTE IN DIE KLAS

Onderwysersgids

Nota: Hierdie gratis gids mag na goeddunke gekopieer en gebruik word.

# Inhoud

Inleiding....3
Samestelling van ’n boek....5
Die voorblad....6
Die titel....8
Die skrywer....9
Tekskenmerke....10
Opsomming....11
Uitleg....12
Inhoudelike vrae en leesoefeninge....13
Karakters....42
Konflik....44
Spanning en die storielyn....45
Die verteller....46
Tema....46
Boodskappe....47
Omgewing....47
Die lokteks....48
Resensie....49
Praat....51
Lees....51
Prettige idees vir *Geraamte in die klas*....52
Antwoorde....54
Bronne....67

# Inleiding

Hierdie Onderwysersgids is volgens die finale konsepdokument van die Nasionale Kurrikulum- en Assesseringbeleidverklaring (CAPS) geskryf.

Ek wil graag Suid-Afrika se kinders aan die lees kry. Dit is my droom en my passie – ook vir jou leerders. *Geraamte in die klas* sal dit beslis kan regkry, self met sukkelende lesers. Die hoofstukke en sinne is kort en lees maklik, maar bowenal het die boek ’n lekker storie. Ek glo boeke moet lesers se verbeelding aangryp en hulle vasgenael hou. Hiervoor sal die humor, aksie, avontuur en spanning in *Geraamte in die klas* sorg.

Die anderkant van die munt is dat lesers ook iets moet leer. Dit moet egter nie ’n nare ervaring wees nie. Hierdie onderwysersgids gaan jou help om lees en leer pret te maak. Al die werk is klaar vir jou gedoen, jy moet net die gids volg en die wonderwêreld van woorde sal vir die res sorg.

Die nuwe kurrikulum lyk miskien soos ’n berg, maar ’n mens klim berge mos deur bloot een tree na die ander te gee. Die hooftaalvaardighede waarvoor die intermediêre fase se kurrikulum vra is:

- Luister en praat
- Lees en kyk
- Skryf en aanbied
- Taalstrukture en -konvensies.

Dit is presies wat jy in hierdie gids sal kry.

Leesaktiwiteite word verdeel in pre-lees, lees en post-lees. Daar is ook lees- en skryfwenke, en oefeninge met verskillende tipes lees soos vlug- en soeklees.

Die vrae is opgestel volgens Barret se taksonomie en wissel van direkte of herroepvrae na afleidings en uiteindelik evaluering en waardering. Alle antwoorde verskyn agterin die gids.

Laastens sal prettige aktiwiteite leerders help om die boek ook op ander vlakke te beleef. Uiteindelik sal beide huistaal en eerste addisionele taalsprekers baat kan vind by hierdie jeugverhaal en onderwysersgids.

Met beide die M.E.R.-prys vir geïllustreerde kinderboeke en ’n ATKV-kinderboektoekenning agter die blad sal *Geraamte in die klas* ook ’n wenner in jou klas wees.

Mag hierdie boek vanjaar jou leerders ywerige LESERS maak!

*Fanie Viljoen*

# Samestelling van ’n boek

Hierdie diagramme verduidelik die verskillende dele van ’n boek se omslag, met spesifieke verwysing na *Geraamte in die klas*:

## Voor- en rugkant:




## Agter- en rugkant:



# Die voorblad

## Kies jou gunsteling

- Hier is twee voorblaaie vir *Geraamte in die klas*.
- Van watter voorblad hou jy die meeste? Hoekom sê jy so?

**A**




**B**




<u>Wenk om die vraag te beantwoord</u>:

- Hoe laat die twee omslae jou voel?
- Is een snaakser as die ander een?
- Hou jy dalk meer van een se illustrasie?
- Hou jy meer van een se uitleg?

## Bespreking van die voorblad

'n Boek se voorblad moet die volgende doen:

- Dit moet jou nuuskierig maak – as jy dit sien, moet jy lus wees om die boek te lees.
- Dit moet jou lus maak om die boek te koop.
- Dit moet die boek se titel (boek se naam) gee.
- Dit moet die skrywer se naam gee.
- Soms wys 'n voorblad ook of die boek enige pryse gewen het.

*Geraamte in die klas* se voorblad het 'n roomkleurige agtergrond. Die leser se aandag word onmiddellik getrek deur die halflyf geraamte-juffrou se illustrasie. Sy dra 'n groen hoed met 'n geel-groen band. Haar tande is pienk – dit is moontlik lipstiffie. Sy het nie oë nie, maar sy dra steeds 'n bril. Sy dra krale om haar nek en het 'n vrolike blommetjiesrok aan. Hierdie blomme word ook gebruik in die ruimte om haar kop en lyf. Dit gee balans aan die ontwerp.

Die boek en skrywer se naam verskyn bo en langs die illustrasie. Dit lyk of die blou en pers letters bewe, want daar is strepies langs sommige letters.

Die voorblad is humoristies. Mens kan dalk wonder wie die geraamte-vrou is. Hoekom is haar tande pienk? Hoekom dra sy 'n bril as sy nie oë het nie?

Sommige voorblaaie dra ook plakkers indien die boek 'n literêre prys gewen het. *Geraamte in die klas* het die M.E.R.-prys vir geïllustreerde kinderboeke en 'n ATKV-kinderboektoekenning gewen.

## Vrae

1. Beskryf *Geraamte in die klas* se voorblad.
2. Wat sou jy verander aan die voorblad?
3. Moes daar eerder kinders op die voorblad wees? Motiveer jou antwoord.

## Die titel

Alle mense het mos name – boeke het ook. Ons noem ’n boek se naam die “titel”. Die titel *Geraamte in die klas* klink nogal vreemd, maar dit klink ook asof ’n mens dit al iewers gehoor het . . .

Daar is mos ’n soortgelyke spreekwoord: Om ’n geraamte in die kas te hê nie.

Die spreekwoord beteken jy steek ’n geheim weg.

Die skrywer gebruik ’n woordspeling in die titel – kas word nou klas, want ’n juffrou hoort mos eerder in ’n klas as ’n kas! Maar hierdie vreemde juffrou het ook ’n geheim. Sy word ’n lewende geraamte en twee van haar leerders wil nie hê ander mense moet daarvan uitvind nie. Hulle wil dus haar geheim “in die kas” hou.

Die titel sit ’n mens se verbeelding al oploop nog voordat jy die boek begin lees het.

### Vrae

1. Dink jy die skrywer het die regte naam vir die boek gekies? Hoekom sê jy so?
2. Gee vir die boek ’n nuwe titel.
3. Sal jy die boek wil lees as ’n vriend dit vir jou gee en jy lees net die titel? Hoekom sê jy so?

## Die skrywer



Fanie Viljoen is die skrywer van ’n hele stapel kinder- en jeugverhale. Sy eerste boek, *Slym*, is in 2004 gepubliseer. Daarna het ander kinderboeke soos *Klits Kronkel en die vlammende swaard*, *Geraamte in die klas*, en *Spoke en ander gruwelike goed* gevolg.

Fanie skryf al van sy skooldae af. Hy het ’n aanmoedigingsprys gewen in een van die Bloemfonteinse Skrywersvereniging se jaarlikse skryfkompetisies (1987). Sy eerste kortverhaal is in 1999 in Sarie gepubliseer. Sy boeke het al talle pryse verower soos die M.E.R.-prys vir jeuglektuur, M.E.R.-prys vir geïllustreerde kinderboeke, Sanlam-prys vir jeuglektuur en ATKV-kinderboektoekennings.

Fanie skryf graag vir kinders omdat hulle ’n groot verbeelding het.

Wat is ook nou lekkerder as om elke dag teen monsters te baklei, saam met ’n geraamte-juffrou op toer te gaan, of spoke te jag? Oukei, dalk sal ’n mens dit nie regtig wil doen nie. Maar om daaroor te skryf is vir Fanie groot pret!

Dit is wat hy vandag voltyds doen. Hy skilder en illustreer ook boeke.

Gaan kuier gerus in die kuberruim by sy wonderlike wêreld: www.fanieviljoen.co.za

### Vrae

1. Wanneer is Fanie se eerste boek gepubliseer?
2. Wie het vir Fanie ’n aanmoedigingsprys gegee?
3. Waar is die skrywer se webblad?

**Het jy geweet?**

Fanie het as kind stories geskryf vir ’n poppekas. Later was hy ook deel van sy skool se koerantredaksie. Hierdie koerant, *Die Goutie*, het destyds verskeie pryse gewen. Dalk het jy ook lus om iets vir die skoolkoerant te skryf.

## Tekskenmerke

Voorin die boek kan ons sien die uitgewer het die Palatino-lettertipe (font) gebruik om die boek uit te lê. Maar daar is ook ’n paar ander tekskenmerke in die boek:

- Die boek se titel is in kleur op die voorblad gedruk en dit lyk of die letters bewe.
- In die illustrasie op bladsy 16 kom woorde voor, soos “Niespoeier” en “Jeukpoeier” voor. Op bladsy 34 en 35 is daar groot vraagtekens. Die illustrasie op bladsy 55 neem die vorm van ’n pamflet aan. Dit nooi mense uit om aan ’n rekenaarspeletjie-kompetisie deel te neem.
- Die hoofstukke het nie name nie, maar is genommer. Die font is dieselfde as die voorblad s’n.
- Sommige woorde is in hoofletters gedruk, byvoorbeeld “GROOT DAG” op bladsy 5.
- Op bladsy 88 word die woord “BUNGY” in vet letters gedruk. Die font is dieselfde as op die voorblad.
- Die meeste bladsye is genommer. Waar daar ’n illustrasie onderaan die bladsy is, is die bladsy dikwels nie genommer nie.

### Vrae

1. Waar in *Geraamte in die klas* word nog woorde in hoofletters gedruk (behalwe bladsy 5)?
2. Waar in *Geraamte in die klas* word nog woorde in die illustrasie gebruik (behalwe die wat bo genoem is)?
3. Hoekom lyk die illustrasie op bladsy 55 soos regte pamflet?
4. In watter formaat word die teks op die agterblad geskryf?

# Opsomming

*Geraamte in die klas* is ’n verhaal vol avontuur en humor.

Cobus en Stephan beland in die moeilikheid wanneer hulle ’n boks vol spinnekoppe in die meisies se kleedkamer uitgooi. Hulle moet detensie sit in die wetenskapklas, maar daardie middag verander hulle per ongeluk vir juffrou Beneke in ’n lewende geraamte.

Hulle weet hulle gaan in “mega moeilikheid” wees. Die aand gaan hulle terug skool toe, maar hulle kry net juffrou Beneke se verlore hoëhakskoen onder die venster.

Die volgende oggend moet Cobus, Stephan en die ander Graadsewes op ’n skooltoer vertrek. Juffrou Beneke moet saam, maar daar is mos ’n probleem . . . Hierdie probleem raak net groter wanneer sy, of dan nou haar geraamte, by die skool opdaag.

Cobus en Stephan vermom juffrou Beneke sodat niemand kan sien sy is nou ’n geraamte nie. Die skoolbus vertrek en die kwaai juffrou Beneke neem almal op ’n onvergeetlike avontuur. Hulle neem deel aan ’n rekenaarspeletjie-kompetisie, wen ’n motorfiets, veg teen ’n seekat, vang ’n dief en verf die skoolbus met die hulp van ’n klomp lawwe ape.

Maar dis wanneer die geraamte-juffrou besluit om te gaan rekspring dat alles verkeerd loop. Sy val uitmekaar tydens die sprong, maar op ’n vreemde manier kom die regte juffrou Beneke weer terug – tot groot verligting van Cobus en Stephan.

## Uitleg

*Geraamte in die klas* kan soos volg opgedeel word:

Nota:

Doen drie dele per kwartaal soos die kleure aandui.

# Inhoudelike vrae en leesoefeninge

## Hoofstuk 1 en 2

### Pre-lees

1. Wie het *Geraamte in die klas* geskryf?
2. Wie het *Geraamte in die klas* se illustrasies gemaak?
3. Wanneer het die boek die eerste keer verskyn?
4. Watter literêre pryse het *Geraamte in die klas gewen*?
5. In hierdie gedeelte gaan jy lees van die "GROOT DAG". Wat dink jy kan dit beteken?
6. Lees die eerste paragraaf van hoofstuk 1. Wat dink jy gaan met die spinnekoppe gebeur?
7. Lees die laaste paragraaf van hoofstuk 2. Wat dink jy het gebeur?

### Tydens lees

Lees is 'n avontuur!

Probeer hierdie doen terwyl jy lees:

- Rus kort-kort vir 'n klein rukkie. Probeer dan om die idees by jou te laat insink.
- As daar is woord is wat jy nie verstaan nie, soek dit op in 'n woordeboek. Of probeer aflei wat die woord beteken. Ander woorde, sinne en illustrasies sal jou help.
- Probeer 'n prentjie van die gebeure in jou kop maak. Ons sê jy visualiseer die storie. (Visie beteken mos "om te sien".)
- Moet nie moed verloor as jy seker dele nie verstaan nie. Hou aan lees.
- As jy glad nie verstaan nie, lees die stukkie weer. Doen dit net 'n bietjie stadiger.
- Maak merkies met potlood in die boek as dit jou sal help.
- Maak notas.

- Lees nou hoofstuk 1 en 2 saggies vir jouself.
- Lees hoofstuk 1 hardop.
- Lees die eerste deel van hoofstuk 2 in pare.
- Lees die tweede deel van hoofstuk 2 saam as 'n groot groep.

## Post-lees

- Maak ’n kopkaart van hoofstuk 1 en 2 van *Geraamte in die klas.*
    - Gebruik woorde en prente.
    - Wys net die hoofgedagtes.
    - Die kaart moet die vrae: Wie, wat, waar, hoe en hoekom beantwoord.
- Stel jou eie vrae op oor hoofstuk 1 en 2 van *Geraamte in die klas*. Hou dan ’n vasvra in die klas.
- Gebruik iets wat in hoofstuk 1 en 2 van *Geraamte in die klas* gebeur het en maak dan jou eie storie daarvan.

## Luister

- Luister hoe jou juffrou hoofstuk 1 lees. Beantwoord dan haar vrae.

## Praat

- Vertel hoe die “GROOT DAG” vir Cobus en Stephan verloop het.
- Beskryf die spinnekoppe aan die klas.

## Vir pret

- Maak ’n uitnodiging vir die “GROOT DAG”.
    - Wie sal jy uitnooi?
    - Wat moet hulle saambring?
    - Wanneer gaan dit plaasvind?
    - Waar gaan dit plaasvind?
    - Hoe laat vind dit plaas?

## Skryf

In die volgende afdeling gaan jy ’n paar vrae oor deel 1 van *Geraamte in die klas* beantwoord.

Die skryfproses bestaan uit die volgende dele:

- Pre-skryf / beplanning
- Skryf ’n konsep
- Hersiening
- Proeflees / redigering
- Aanbieding

Oefen jou skryfvaardighede soos volg:

- Vra jouself af:
  - Wat is die doel van my skryfwerk?
  - Wie gaan dit lees?
- Hou ’n dinkskrum met jou vriende. Julle kan idees wissel, of selfs geheuekaarte en vloeidiagramme maak.
- Gebruik bronne om jou te help – die *Geraamte in die klas*-boek sal jou hoofbron wees. Die Internet het moontlik hulp. Jy kan selfs die skrywer se webblad besoek – www.fanieviljoen.co.za
- Kies net die inligting wat belangrik is.
- Organiseer al jou inligting.
- Skryf jou eerste konsep of weergawe.

  Belangrik: Onthou vir wie jy dit skryf en hoekom.

- Lees jou eerste skryfpoging goed deur. Word jou eie kritikus – soek vir foute wat jy dalk gemaak het.
- Vra jou klasmaats of onderwyser vir terugvoering.
- Maak jou foute reg. Ons noem dit “redigering”.
- Lees alles wat jy geskryf het weer deeglik deur en soek weer vir foute. Ons noem dit “proeflees”.
- En dan – ta-daa! – handig die netjiese, finale weergawe van jou skryfwerk in by die onderwyser.

## Vrae

1. Wie is die boek se hoofkarakters?
2. Wat wil die seuns met die spinnekoppe doen?
3. Wat noem hulle die dag waarop die gebeure plaasvind?
4. Waarmee word juffrou Beneke se stem vergelyk?
5. Wanneer laat meneer Human die seuns roep?
6. Hoekom dink jy is die juffrou se bynaam “Ysbene”?
7. Hoekom waarsku juffrou Beneke die kinders om versigtig met die Bunsenbranders te werk?
8. Wat beteken dit as iets vir jou Grieks is?
9. Stephan is versigtiger as Cobus. Haal ’n gedeelte aan om dit te bewys.
10. Sal jy hoofstuk 1 beskryf as spannend of humoristies? Hoekom sê jy so?
11. Word ’n skrywer! Wat dink sou gebeur as die spinnekoppe per ongeluk op Cobus en Stephan uitgeval het? Skryf jou weergawe van die gebeure.
12. Skryf die volgende gebeure in die regte volgorde:
    a. Die meisies gil.
    b. Iemand nies.
    c. Paul moedig vir Cobus en Stephan aan.
    d. Die skoolhoof gee vir Cobus en Stephan één laaste kans.
13. Aan wie se kant is jy? Die seuns met hulle spinnekoppe, of die meisies in die kleedkamer? Motiveer jou antwoord.
14. Skryf hierdie sin oor in korrekte Afrikaans: “Ag wat, dink ek, ek kan later daaroor worry.”
15. Dink jy die woord “uitchicken” pas by die Cobus se persoonlikheid? Motiveer jou antwoord.
16. Gee die korrekte Afrikaanse term vir die woord “uitchicken”.
17. Wat beteken die woord “berou” in die tweede hoofstuk?
18. Alle stories moet iewers afspeel. In watter ruimte speel hoofstuk 1 en 2 af?
19. Wie vertel die storie?
20. Wat noem ons hierdie tipe verteller?
21. Hoekom werk hierdie tipe verteller lekker in *Geraamte in die klas*?
22. Som Cobus se karakter kortliks op (3-4 sinne).
23. Maak ’n opsomming van die gebeure in die skoolhoof se kantoor.
24. Wat dink jy gaan in hoofstuk 3 gebeur? Moenie loer nie!

## Vreemde woorde

Berou – spyt of jammer wees oor iets wat jy gedoen het (remorse)

Blik – kyk (glance)

Bunsenbrandertjie – ’n gasbrander waarmee jy chemiese stowwe warm maak in die wetenskapklas (Bunsen burner)

Chemikalieë – chemiese of skeikundige stowwe (chemicals)

Kaliumchloried – ’n chemiese sout wat bestaan uit kalium en chloor. Dit is reuk- en kleurloos en word onder andere in kunsmis gebruik (potassium chloride)

Kwajongstreek – kattekwaad of ’n stoute ding wat jy doen (boyish prank)

Nonsens – bog, onsin (nonsense)

Rugbytoks – spesiale skoene waarmee jy rugby oefen (rugby togs)

Skurk – skelm (rogue; thug)

Sluip – skelm loop (creep)

Sluwe – skelm, geslepe (sly; cunning)

Smul – lekker eet (feast)

Tjop-tjop – vinnig (quickly)

## Beeldspraak

Met pote in die lug – dood

Hou jou vuil pote van my (of my goed) af – moenie aan my (of my goed) vat nie

Dit is Grieks vir my – ek verstaan dit nie

## Hoofstuk 3-6

### Pre-lees

1. In hierdie hoofstukke loop Cobus en Stephan se eksperiment skeef. Wat dink jy gaan gebeur?
2. Kyk na die twee illustrasies in hoofstuk 3. Dink ’n storie uit wat die twee prente met mekaar verbind.

### Tydens lees

Onthou jy nog die leeswenke in die vorige afdeling? Pas hulle weer toe met die volgende leesoefeninge:

- Lees nou hoofstuk 3 en 4 vir jouself.
- Lees hoofstuk 5 hardop.
- Lees hoofstuk 6 hardop in pare.

### Post-lees

- Maak ’n vloeidiagram wat die hoofgebeure in hoofstuk 3-6 uiteensit.

### Luister

- Luister hoe jou juffrou hoofstuk 6 lees. Beantwoord dan haar vrae.

### Praat

- Hou jy daarvan om detensie te sit? Vertel hoekom of hoekom nie.
- Boots Cobus en Stephan se gesprek in die klas na. Doen dit saam met ’n maat. Gebruik julle eie woorde of dialoog.

### Vir pret

- Maak ’n geraamte uit die wit plastiekdraadjies waarmee ’n mens plastieksakkies toebind.

### Vrae

1. Wie begin in die klas te nies?
2. Hoekom hou juffrou Beneke haar hande voor haar uit?
3. Watter woord in paragraaf 6 van hoofstuk 3 wys vir ons dat Stephan-hulle nie kan glo wat hulle sien nie?
4. Noem twee van die aaklige take wat Stephan-hulle moet doen nadat hulle eksperiment afgehandel is.

5. Haal ’n sin aan wat wys dat juffrou Beneke nie omgee hoe lank Stephan-hulle besig is met die ekstra take nie.
6. Hoekom gooi Cobus die nies- en jeukpoeier in die proefbuis?
7. “Voel of sy ’n pols het.” Hoekom vra Stephan dit vir Cobus?
8. Juffrou Beneke se taalgebruik verander in hoofstuk 6. Soek na die troetelnaam wat sy vir Cobus en Stephan gebruik om dit te illustreer.
9. Gee ’n naam vir hoofstuk 6.
10. Hoekom “gril en gril” Stephan?
11. Watter deel van hoofstuk 3-6 was vir jou spannend?
12. Watter deel van die hoofstuk 3-6 was vir jou snaaks? Hoekom sê jy so?
13. Maak ’n vloeidiagram wat die volgende gebeure in die regte volgorde plaas:
    a. Juffrou Beneke se geraamte gee vir Stephan-hulle lekkers.
    b. Juffrou Beneke raak weg.
    c. ’n Geraamte met hoëhakskoene verskyn in die deur.
    d. Cobus dink hulle het ’n spook gesien.
14. Vergelyk juffrou Beneke se persoonlikheid en voorkoms voor die ongeluk met haar persoonlikheid en voorkoms na die ongeluk.
15. In watter juffrou Beneke se klas sou jy wou wees – die een voor of na die ongeluk? Of dalk glad nie? Hoekom sê jy so?
16. Wat dink jy van Cobus se optrede met die eksperiment?
17. Het Cobus en Stephan se straf vergoed vir die spinnekop-episode?
18. “Die grootmense het ook ’n woord hiervoor: OPTIMISTIES.” Dit klink of Stephan nogal ’n slimkop is as hy die woord ken. Weet jy wat dit beteken? Gebruik dit in ’n sin sodat die betekenis duidelik is.
19. Kry jy vir juffrou Beneke jammer? Hoekom sê jy so?
20. Maak ’n kennisgewing vir die wetenskapklas se deur. Dit moet aandui dat gevaarlike eksperimente in die klas plaasvind.
21. Skryf ’n brief aan die skoolhoof om verskoning te vra vir die gebeure in die wetenskapklas. Sê wat jy sal doen om daarvoor te vergoed.
22. Skryf die volgende sin oor in korrekte Afrikaans: “No ways. Sy’t seker uitgepass.”
23. Eksterne konflik kom voor wanneer mense met mekaar baklei. Waar kom eksterne konflik in hoofstuk 3-6 voor?
24. Interne konflik kom binne-in ’n karakter voor. Ons sien dit as hulle twyfel oor iets of wonder oor hul optrede. Waar kom interne konflik in hoofstuk 3-6 voor?

## Vreemde woorde

Atiesjoe – die geluid as iemand nies (atishoo)

Drama – ’n toneelstuk met dialoog, gebare en mimiek (drama)

Hamsters – ’n knaagdier wat jy as troeteldier aanhou (hamster)

Jeukpoeier – ’n poeier wat jou laat jeuk as dit aan jou vel raak (itching powder)

Lokval – ’n manier om iemand vas te keer wanneer jy hom wil vang (trap)

Moewiese – groot (big, large)

Niespoeier – ’n poeier wat jou laat nies as jy dit ruik (sneezing powder)

Oogholte – die holte in jou skedel waarin jou oog lê (eye socket)

Optimisties – sien die beste kan van iets (optimistic)

Orkaan – hewige stormwind (hurricane)

Polsslag – die klop van jou hart deur jou are (pulse)

Proefbuistang – ’n tang waarmee jy proefbuise in ’n laboratorium vashou (test tube tongs)

Sjokoladesoet – baie soet (very sweet)

Sweerlik – voorwaar, inderdaad (surely)

Verlate – eensaam, alleen (lonely, forlorn)

Yskoud – baie koud (ice cold)

## Beeldspraak

Tot jou sinne bring – jou regruk, weer bykom

Sy stop dood in haar spore – sy stop skielik

Laat spaander – weghardloop

Soos een man – saam iets doen

Spore maak – weghardloop

Iemand se velle aftrek – iemand pakslae gee

Iemand voortrek – iemand beter behandel as ander

Maak dat jy wegkom – weghardloop of ’n plek verlaat

## Hoofstuk 7-9

### Pre-lees

1. Vluglees hoofstuk 7. Wat dink jy het van juffrou Beneke geword?
2. Hoe sal jy Cobus se gesigsuitdrukking in hoofstuk 8 se illustrasie beskryf?
3. Lees die eerste paragraaf van hoofstuk 9. Wat dink jy het met juffrou Beneke gebeur?

### Tydens lees

Onthou jy nog die leeswenke in die vorige afdeling? Pas hulle weer toe met die volgende leesoefeninge:

- Lees nou hoofstuk 7 en 8 saggies vir jouself.
- Lees hoofstuk 7 hardop.
- Lees hoofstuk 8 in pare.
- Lees hoofstuk 9 saam as ’n groot groep.

### Post-lees

- Stel jou eie vrae op oor hoofstuk 7-9 van *Geraamte in die klas*. Hou dan ’n vasvra in die klas.
- Gebruik iets wat in hoofstuk 7-9 van *Geraamte in die klas* gebeur het en skryf ’n gedig of vers daaroor.

### Luister

- Luister hoe jou juffrou hoofstuk 9 lees. Beantwoord dan haar vrae.

### Praat

- Vertel uit Cobus se perspektief hoe die aand verloop het toe jy en Stephan terug skool toe is.
- Maak asof jy Stephan se ma is. Gee vir Stephan instruksies oor wat hy mag en nie mag doen op die skooltoer nie.

## Vir pret

- Bring vermommings vir die geraamte-juffrou saam skool toe en pak haar reistas in die klas.

## Vrae

1. In watter ruimte speel die eerste gedeelte van hoofstuk 7 af?
2. Wat laat Stephan vir Cobus belowe?
3. Hoe kom Stephan-hulle terug by die skool?
4. Stephan se ma dink hy lyk benoud toe sy hom wakkermaak. Hoekom dink sy so?
5. Hoe vind Stephan se ma uit van die spinnekoppe?
6. Hou Stephan van meisies? Haal ’n sin aan om jou antwoord te staaf.
7. Hoekom dink Stephan-hulle is die hoofdogter, Melindie Fourie, se tas so swaar?
8. Beskryf juffrou Beneke se voorkoms in ’n paar sinne.
9. Waarmee vergelyk Stephan vir juffrou Beneke?
10. Hoekom is die volgende woorde van juffrou Beneke ironies? “Daar’s hy, nou voel ek weer pu-u-ure mens!”
11. Beskryf Stephan se plan met juffrou Beneke kortliks.
12. Watter een van die volgende gebeure verhoog die spanning in die verhaal?
    a. Stephan se ma bring vir hom koffie in die bed.
    b. Stephan en Cobus haal hulle bagasie uit die motor se kattebak.
    c. Meneer Human dink hoe rustig dit by die skool gaan wees sonder Stephan en Cobus.
    d. Juffrou Beneke kom aangestrompel na die bus toe.
13. Gee ’n voorbeeld van ’n vergelyking in hoofstuk 7.
14. Wat is die doel van die ellips (. . .) aan die einde van hoofstuk 7?
15. Sou jy ook die tasse soos die twee seuns hanteer het? Motiveer jou antwoord.
16. Kry jy vir juffrou Beneke jammer? Hoekom sê jy so?
17. In die eerste paragraaf van hoofstuk 9 kom die woord “potjie” voor. Maak ’n sin met die woord om sy ander betekenis ook duidelik te maak.
18. Wat dink jy sou gebeur as die skoolhoof gesien het juffrou Beneke is ’n geraamte?
19. Dink jy die vermomming was ’n slim plan? Motiveer jou antwoord.
20. Jy is die kuns- en kultuuronderwyser van Laerskool Laagkruin. Skryf ’n e-pos aan die skoolhoof om hom te vertel van die skool se verlore toneeltoerusting. Maak ’n voorstel oor hoe dit in die toekoms verhoed kan word.

## Vreemde woorde

Bagasieruim – die bêreplek vir tasse in ’n voertuig (baggage hold)

Boaards – bonatuurlik (otherworldly)

Knars – ’n krakende geluid (grate)

Kwetterende – vrolike voëlgeluide (twitter)

Mank – kruppel of lam (lame)

Onbeskof – sonder maniere (ill-mannered)

Petalje – gedoente, vermaaklike gebeure (affair, ado)

Potjie – holte waarin ’n been pas (socket)

Sertifikaat – ’n dokument van status of bevoegdheid (certificate)

Spektakel – lawaai, opskudding (spectacle, scene)

Stouterds – stoute kinders (naughty children)

Verligting – vertroosting, opbeuring, bemoediging (relief)

Vermoede – agterdog, gissing (suspect)

Verras – onverwags optree of oorval (surprise)

## Beeldspraak

Om koers te kies – om in ’n sekere rigting te hardloop

Om ’n bangbroek te wees – om baie bang te wees

Dis pikdonker – dis baie donker

Wat die oog nie sien nie, maak die hart nie seer nie – wat jy nie weet nie, pla jou nie

Hy glimlag skaapagtig – hy glimlag verleë

## Hoofstuk 10 en 11

### Pre-lees

1. Kyk na die verskillende gesigsuitdrukkings in hoofstuk 10 se illustrasies. Wat dink jy gaan in hierdie hoofstuk gebeur?
2. Lees die eerste paragraaf van hoofstuk 11. Daar verskyn ’n vreemde woord. Wat is die woord en wat dink jy kan dit beteken?
3. Lees die laaste paragraaf van hoofstuk 11. Watter avonture dink jy wag hierna op Stephan-hulle?

### Tydens lees

- Lees nou hoofstuk 10 en 11 saggies vir jouself.
- Lees hoofstuk 10 hardop.
- Lees hoofstuk 11 hardop saam met ’n klasmaat.

### Post-lees

- Stel jou eie vrae op oor hoofstuk 10 & 11 van *Geraamte in die klas*. Hou dan ’n vasvra in die klas.
- Gebruik iets wat in hoofstuk 10 & 11 van *Geraamte in die klas* gebeur het en skryf ’n tongknoper daaroor.

### Luister

- Luister hoe jou juffrou hoofstuk 11 lees. Beantwoord dan haar vrae.

### Praat

- Speel die rol van die busbestuurder, terwyl ’n klasmaat die rol van ’n polisieman of die skoolhoof neem. Vertel dan vir die polisie of skoolhoof hoekom jy van die bus af weghardloop het.

### Vir pret

- Deel in groepe en breinstorm julle eie lysies van aaklige goed om op ’n skooltoer te doen, en ongelooflike prettige goed om op ’n skooltoer te doen.

## Vrae

1. Waar in die bus moet juffrou Beneke gaan sit?
2. Waarmee vergelyk die skrywer die teerpad?
3. Wat haal juffrou Beneke uit haar handsak?
4. Hoekom trap die busbestuurder skielik rem?
5. Verduidelik die betekenis van “halitose”.
6. Hoekom voel die busbestuurder moedeloos?
7. Hoekom hardloop die busbestuurder weg?
8. Noem vier plekke wat op juffrou Beneke se toerprogram gelys is.
9. Wie het die toerprogram goedgekeur?
10. “Juffrou Beneke is ’n uitstekende bestuurder.” Is hierdie stelling reg of verkeerd? Haal ’n sin uit hoofstuk 11 aan om jou antwoord te staaf.
11. Hoe verskil meneer Human se persoonlikheid tydens die afskeid by die skool van sy persoonlikheid in die kantoor toe hy vir Cobus en Stephan gewaarsku het (hoofstuk 2)?
12. Sal jy wil vriende wees met Melindie? Hoekom sê jy so?
13. Hoofstuk 10 het twee illustrasies, maar hoofstuk 11 het net een kleintjie. Moes hoofstuk 11 nie ook ’n groot illustrasie met meer detail gehad het nie? Motiveer jou antwoord.
14. Watter een van die volgende gebeure het nie die spanning verhoog nie?
    a. Juffrou Beneke haal haar masker af.
    b. ’n Bolletjie gekoude toebroodjie val uit juffrou Beneke se broekspyp en rol oor die vloer.
    c. Cobus en Stephan hou van *Kaptein Halitose*-strokiesprente.
    d. Juffrou Beneke verander die toerprogram.
15. Wat dink jy sou gebeur indien die busbestuurder vir juffrou Beneke hospitaal toe sou vat, eerder dat hy weggehardloop het?
16. Die juffrou Beneke wat die toerprogram opgestel het, en die juffrou Beneke wat later in die bus weer die toerprogram lees het verskillende geaardhede. Verduidelik hoe hulle verskil.
17. Het jy simpatie met die busbestuurder? Hoekom sê jy so?
18. Skryf hierdie sin oor in korrekte Afrikaans: “Ek dink sy weet ook nou hoe boring dit gaan wees.”
19. Die nuwe juffrou Beneke is ongeorden. Sy wil maak soos sy wil. Haal ’n sin aan wat dit bewys.
20. Sal jy op juffrou Beneke se nuwe toer wil gaan? Motiveer jou antwoord.

### Vreemde woorde

Bedwelm – duiselig maak (stun)

Beïndruk – ’n indruk maak op iemand (impress)

Hekelkompetisie – ’n kompetisie van handewerk wat met ’n haaknaald en gare gedoen is (crochet)

Huigelaar – iemand wat hom beter voordoen as wat hy is (hypocrite)

Kinkel – draai (kink)

Klaterend – met ’n harde geraas (clattering)

Ratel – rammel of lawaai (rattle)

Vrotmelkdeurdrenkte – wat met slegte melk deurtrek is (soaked in turned milk)

Wraggieswaar – regtigwaar (really)

### Beeldspraak

Die arme drommel – die arme vent of sukkelaar

Op die lappe kom – openbaar of bekend word

’n Kort draad hê – gou kwaad word

Skouers ophaal – niks aan ’n saak kan of wil doen nie

Geen ruggraat hê nie – ’n swakkeling wees

### Hoofstuk 12 en 13

### Pre-lees

1. Hoofstuk 12 begin met ’n verwysing na ’n partytjie op die bus. Dink jy daar kan moeilikheid kom as die partytjie te vrolik raak?
2. Soek die pamflet in hoofstuk 12. Dink jy juffrou Beneke-hulle gaan daaraan deelneem?
3. Kyk na die laaste illustrasie in hoofstuk 13. Wat dink jy doen ’n motorfiets op die bus se dak?

### Tydens lees

- Lees nou hoofstuk 12 en 13 saggies vir jouself.
- Lees hoofstuk 12 hardop in pare.
- Lees hoofstuk 13 self hardop.

### Post-lees

- Maak ’n geheuekaart van hoofstuk 12 en 13. Gebruik woorde en prente. Wys net die hoofgedagtes.
- Stel jou eie vrae op oor hoofstuk 12 en 13. Hou dan ’n vasvra in die klas.
- Skryf jou eie weergawe van wat gebeur by die rekenaarspeletjie-kompetisie.

### Luister

- Luister hoe jou juffrou hoofstuk 12 lees. Beantwoord dan haar vrae.

### Praat

- Verbeel jou jy is die “Buffel”. Vertel uit sy oogpunt hoe die rekenaarspeletjie-kompetisie verloop het.
- Hoe sal jy ’n motorfiets op ’n skoolbus se dak kry?
- Wat sal jou rekenaarspeletjie se naam wees as jy een moes maak? Hoe sou dit werk? Wie sou dit speel?

### Vir pret

- Maak ’n pamflet om ’n nuwe rekenaarspeletjie te adverteer.
- Organiseer ’n rekenaarspeletjie-kompetisie vir julle skool of klas. Of hou ’n lekker speletjiesdag en speel die ou speletjies wat julle pa’s en ma’s gespeel het toe hulle jonk was. Dalk kan hulle kom help!

## Vrae

1. Waarmee vergelyk die verteller detensie?
2. By watter klein stad kom die bus aan?
3. Wat is daar vir middagete?
4. Cobus en Stephan weet glo hoe om die probleem met die tasse op te los. Maar die skrywer sê ons nie wat hulle doen nie. Verduidelik wat jy dink hulle gedoen het.
5. Waarmee skiet hulle mekaar in die speletjie?
6. Hoe wen juffrou Beneke die kompetisie?
7. Hoekom hardloop byna almal uit die gebou uit?
8. Hoekom jeuk juffrou Beneke?
9. Haal ’n sin of sinne aan wat wys dat die kinders juffrou Beneke uiteindelik aanvaar.
10. Was hierdie twee hoofstukke spannend of humoristies? Motiveer jou antwoord.
11. In watter ruimte speel die kompetisie af?
12. Het Melindie se karakter verander sedert ons haar leer ken het? Hoekom sê jy so?
13. Dink jy mense moet gedwing word om dieselfde kos te eet as die groep? Motiveer jou antwoord.
14. As jy die skrywer was, sou jy dat die Buffel eerder die kompetisie wen? Hoekom sê jy so?
15. Skryf die volgende gebeure in die regte volgorde:
    a. Juffrou Beneke wys haar voete vir die kinders.
    b. Die mense hardloop bevrees uit die speelsaal.
    c. Stephan sien die motorfiets op die skoolbus se dak.
    d. Die kinders kruip weg in die bus.
16. Is die Buffel ’n protagonis of antagonis? Motiveer jou antwoord.
17. Is Cobus en Stephan protagoniste of antagoniste? Hoekom sê jy so?
18. Watter tipe beeldspraak is “Oë so groot soos eiers.”?
19. Dink jy juffrou Beneke het die kompetisie regverdig gewen? Motiveer jou antwoord.
20. “En daar staan hy nou: ’n blinknuwe motorfiets geparkeer op Laerskool Laagkruin se bus se dak. Ek wonder wat meneer Human daarvan sal sê!” Wat dink jy sal meneer Human daarvan sê? (Skryf 3- 4 sinne.)

## Vreemde woorde

Bestuursvermoë – vaardigheid om te kan bestuur (driving skills)

Dagdroom – doellose dinkery (daydream)

Deurdring – jou weg deur iets soos ’n kompetisie baan (push through)

Gesondheidskos – kos wat goed of gesond is vir jou (healthy food)

Kameraad – makker, vriend (comrade)

Kringetjies – klein sirkels (small circles)

Massauittog – ’n groot uitloop van mense (mass exit)

Morele ondersteuning – hulp of bystand (moral support)

Nuutgevonde – wat nuut verkry is (newly found)

Pamflet – ’n stukkie papier met ’n advertensie op (pamphlet)

Sneuwel – sterf of omkom (perish, be killed)

Strategie – sorgvuldige beplanning (strategy)

Streng – baie hard en ernstig, presies, nougeset (strict)

Tjankend – huilend (crying)

Uitsorteer – verdeel volgens soort of sorg dat ’n probleem opgelos word (sort out)

Vasberade – nie van jou voornemens afwyk nie, standvastig van karakter (determined)

## Beeldspraak

Vlymskerp tong – kan baie goed praat

In rep en roer – dit is baie besig

Iemand afmaai – iemand doodmaak

Elke man vir homself – elkeen moet vir homself sorg

Jou oog gooi na iemand toe – vir iemand kyk

Kophou – konsentreer

’n Warm stryd – ’n spannende geveg

Iemand uitstof – iemand wen

In sy kanon in – iets het gebreek of dit is opgemors

## Hoofstuk 14 en 15

### Pre-lees

1. Lees die eerste paragraaf van hoofstuk 14 en voorspel wat nou gaan gebeur.
2. ’n Mens sou hoofstuk 15 “Agt tentakels takel ’n geraamte” kon noem. Wat dink jy kan dit beteken?

### Tydens lees

Onthou jy nog die leeswenke? Pas hulle weer toe met die volgende leesoefeninge:

- Lees nou hoofstuk 14 en 15 saggies vir jouself.
- Lees hoofstuk 14 hardop.
- Lees hoofstuk 15 in pare.

### Post-lees

- Maak ’n geheuekaart van hoofstuk 14 en 15. Gebruik woorde en prente. Wys net die hoofgedagtes.
- Stel jou eie vrae op oor hoofstuk 14 en 15 van *Geraamte in die klas*. Hou dan ’n vasvra in die klas.
- Gebruik iets wat in hoofstuk 14 of 15 van *Geraamte in die klas* gebeur het en maak dan jou eie storie daarvan.

### Luister

- Luister hoe jou juffrou Hoofstuk 15 lees. Beantwoord dan haar vrae.

### Praat

- Vertel hoe Cobus en Stephan gestraf is.
- Stephan sweer hy gaan nooit, nooit weer nonsens aanvang nie. Het jy ook al nonsens aangevang en toe moes jy daarvoor boet? Vertel daarvan.
- Vertel van die geveg met die seekat.

## Vir pret

- Maak juffrou Beneke se seeperdjie uit olieringe (donuts).
- Weet iemand in die klas wat lewensredders doen? Laat hy julle vertel of wys.

## Vrae

1. Wat ontstel die meisies?
2. Watter les wil juffrou Beneke vir Cobus en Stephan leer?
3. Hoe weet juffrou Beneke hulle is naby die see?
4. Hoekom is Cobus en Stephan veral verlig toe hulle langs die see stilhou?
5. Wat het van die lewensredder geword?
6. Beskryf hoe juffrou Beneke lyk toe sy na die see aangestap kom.
7. Hoekom roep Stephan om hulp?
8. Hoekom roep juffrou Beneke “See . . . see . . .”? Soek sy haar seeperdjie?
9. Hoekom dink Stephan die seekat se oë traan van pyn?
10. Is hoofstuk 14 spannend of humoristies? Verduidelik hoekom jy so sê.
11. Beskryf juffrou Beneke se bestuursvernuf.
12. Verskil Melindie se houding oor die verlore tasse van Cobus en Stephan s’n? Motiveer jou antwoord.
13. Sê nou maar jy was die skrywer – hoe sou die storie verloop as die meisies van nou af Cobus en Stephan se klere moes dra?
14. Dink jy dit was reg van Cobus en Stephan om nie omverskoning te vra vir die verlore tasse nie? Hoekom sê jy so?
15. In watter omgewing speel hoofstuk 15 af?
16. In watter volgorde het die aksie verloop?
    a. Juffrou Beneke slaan die seekat.
    b. Juffrou Beneke kom met haar vreemde swemdrag by die strand aan.
    c. Juffrou Beneke plas in die branders met haar enorme paddavoete
    d. Stephan roep om hulp.
17. Kry jy vir juffrou Beneke jammer omdat sy so vreemd lyk op die strand? Hoekom sê jy so?
18. Sou jy om hulp roep as juffrou Beneke verdrink, of sal jy sommer haar self probeer red? Motiveer jou antwoord.
19. Wat sê die lewensredder se optrede van hom?
20. Hoofstuk 15 eindig met die woorde: “Maar waar is juffrou Beneke?” Wat dink jy het van juffrou Beneke geword?

## Vreemde woorde

Afwisseling – vir ’n verandering (for a change)

Chaos – sonder orde (chaos)

Inteendeel – omgekeerd, daarenteen (on the contrary)

Konsternasie – ontsteltenis, skrik (consternation)

Moker – slaan (beat, hammer)

Normaalweg – gewoonlik (usually)

Onbenullighede – dwaasheid, niks (stupid, dull-witted)

Ontsteltenis – toestand van ontsteld wees, verwarring (alarm, dismay)

Sandkastele – kastele wat van sand gemaak is (sand castles)

Seeperdjie – ’n seediertjie met ’n krulstert; in hierdie geval is dit ’n speelding (sea-horse)

Sommerso – niks besonders nie, sonder moeite (without further ado)

Tentakel – vangdraad om die mond van diere, voelhoring (tentacle)

Uitkyktoring – toring van waar uitgekyk kan word, wagtoring (watch-tower)

Welige – ruig, toegegroei (rank)

## Beeldspraak

Olie op die vuur – iets erger maak

Sug van verligting – ’n diep, swaar sug

Vel en been – baie maer wees

## Hoofstuk 16-18

### Pre-lees

1. Kyk na die illustrasies in hoofstuk 16-18. Wat dink jy gaan volgende gebeur?
2. Wat merk jy op van die prente op die bus (hoofstuk 17)?

### Tydens lees

- Lees nou hoofstuk 16 en 17 saggies vir jouself.
- Lees hoofstuk 18 hardop.
- Lees hoofstuk 16 in pare.
- Lees hoofstuk 17 saam as ’n groot groep.

### Post-lees

- Maak ’n kopkaart van hoofstuk 16-18 van *Geraamte in die klas.*
    - Gebruik woorde en prente.
    - Wys net die hoofgedagtes.
    - Die kaart moet die vrae: Wie, wat, waar, hoe en hoekom beantwoord.
- Stel jou eie vrae op oor hoofstuk 16-18 van *Geraamte in die klas*. Hou dan ’n vasvra in die klas.

### Luister

- Luister hoe jou juffrou hoofstuk 18 lees. Beantwoord dan haar vrae.

### Praat

- Vertel hoe die groot, gevaarlike jaagtog verloop het.
- Verbeel jou jy is die Buffel. Beskryf aan ’n vriend hoe ’n geraamte jou tweede laat kom het.

### Vir pret

- Hou ’n storie-jaagtog in die klas.
    - Die eerste persoon begin ’n sin, maar sê net die eerste woord.
    - Die volgende persoon voeg vinnig ’n woord by die sin.
    - Dan voeg die derde persoon een by, dan die vierde . . .
    - Uiteindelik moet die sin ’n storie maak.
    - Dink vinnig!

## Vrae

1. Wat laat ’n rilling langs die verteller se rug afgly wanneer hoofstuk 16 begin?
2. Watter troetelnaam gee juffrou Beneke vir die motorfiets?
3. Die woorde “Mission Impossible” is die naam van ’n aksievolle Tom Cruise fliek. Hoe pas dit in by die gebeure in hoofstuk 16?
4. Hoekom het die Buffel die motorfiets gesteel?
5. Die kinders eet hamburgers, maar wat eet Melindie?
6. Pas dit by Melindie se karakter? Hoekom sê jy so?
7. In watter dorpie kry hulle ’n verfwinkel?
8. Oom Fonnie kom nie dadelik agter dat juffrou Beneke ’n geraamte is nie. Haal ’n sin aan om dit te bewys.
9. Sal jy hoofstuk 16 beskryf as spannend of humoristies? Hoekom sê jy so?
10. “Wat sou gebeur het as die seekat rêrig vir juffrou Beneke gevang het?” Dit is wat Stephan wonder. Wat dink jy sou gebeur het?
11. “Nou voel ek weer pure geraamte,” sê juffrou Beneke in hoofstuk 16. Hoekom is dit ’n slim woordspeling?
12. Sê nou maar net Stephan moes die Buffel van die motorfiets af kry, terwyl juffrou Beneke bly bestuur het. Skryf jou weergawe van die gebeure.
13. Skryf die volgende gebeure in die regte volgorde:
    a. Die ape verf vir juffrou Beneke.
    b. ’n Aap gaan sit wydsbeen oor die motorfiets se saal.
    c. Juffrou Beneke-hulle gaan kop verf.
    d. Juffrou Beneke deel die kinders op in spanne.
14. Stephan stel voor hulle verf die bus vol superhelde. Word juffrou Beneke amper soos ’n superheld in die verhaal? Motiveer jou antwoord.
15. Wat beteken die spreekwoord “Lekker is mos net ’n vinger lank” in die voorlaaste paragraaf van hoofstuk 17?
16. Ons sê gewoonlik dat iets wat baie geel is, is goudgeel. Die skrywer gebruik egter die woord “piesanggeel” in hoofstuk 18. Hoekom pas “piesanggeel” beter as “goudgeel” in hierdie gedeelte?
17. Hoofstuk 18 is nogal snaaks, maar is daar steeds ’n spanningslyn in die humoristiese gebeure? Motiveer jou antwoord.
18. Haal ’n sin op bladsy 85 aan wat in die verlede tyd geskryf is.
19. Die ape trek ’n streep oor juffrou Beneke se voorkop. Maar wat beteken dit as ons sou sê “jy trek iemand ’n streep”?
20. Hoofstuk 18 eindig met woordspelings. Verduidelik kortliks hoekom ons so kan sê.

## Vreemde woorde

Aardig – snaaks, vreemd (funny, queer)

Agtpotige – met agt pote (eight legged)

Beaam – instem, goedkeur (corroborate)

Engeltjievlerkies – hemelwesens of engele se vlerke (angel wings)

Erdvark – varkagtige dier wat van miere leef (ant-eater)

Inspireer – iemand se gees aanwakker (inspire)

Kreatiwiteit – die vermoë om skeppend te wees (creativity)

Ongerepte – onaangeraak, nog in die oorspronklike toestand (untouched)

Potjie – beenholte (socket)

Protesteer – beswaar maak (protest)

Reënboogkleurig – met die kleure van die reënboog (rainbow coloured)

Rooimiernes – die blyplek van rooimiere (red ant nest)

Sjoei! – voertsek! (go away!)

Slagveld – die plek waar ’n veldslag gehou word (battlefield)

Spoedvarkie – die skrywer het die woord opgemaak vir ’n motorfiets (motorbike)

Uitvaagsel – skelm skurk (rogue)

Vandalisties – woeste vernietiging (vandalistic)

Wydsbeen – met bene wyd uitmekaar (astride)

## Beeldspraak

Skone verligting – baie verlig

Om nuwe hoogtes te bereik – om sukses te behaal

Doodsbleek – baie bleek

Kannie is dood van kruiwa stoot – moenie sê jy kan nie iets doen nie, want jy kan heelmoontlik

Iemand ’n les leer – iemand leer om nie baasspelerig te wees nie

Iets opdollie – iets mooimaak of opkikker

Lekker is net ’n vinger lank – dit wat lekker is, hou gewoonlik net ’n rukkie

Iemand ’n pak slae gee – iemand slaan

Iemand vir ’n aap hou – iemand vir die gek hou

’n Aap in die mou – ’n slinkse streek wegsteek

Aapstreke – stoutighede

## Hoofstuk 19-21

### Pre-lees

1. In hoofstuk 19 is ’n woord baie groot gedruk. Soek dit en voorspel wat volgende gaan gebeur.
2. Kyk na die illustrasie in hoofstuk 20. Dink jy nog jou antwoord in vraag 1 was reg? Verander jou voorspelling as jy nou anders dink.

### Tydens lees

Onthou om weer die leeswenke toe te pas met die volgende leesoefeninge:

- Lees hoofstuk 19 en 20 vir jouself.
- Lees hoofstuk 21 hardop.
- Lees hoofstuk 19 hardop in pare.

### Post-lees

- Maak ’n vloeidiagram wat die hoofgebeure in hoofstuk 19-21 uiteensit.

### Luister

- Luister hoe jou juffrou hoofstuk 20 lees. Beantwoord dan haar vrae.

## Praat

- Het jy al gerekspring (bungy)? Vertel hoe dit was, hoekom jy dit gedoen het of hoekom jy dit nooit sal doen nie.
- Stephan-hulle sit uiteindelik met ’n groot probleem: juffrou Beneke is flenters! Maak ’n groep van 3-4 leerders en spekuleer (praat) oor wat verkeerd gegaan het en hoe julle dit weer sou kon regmaak.

## Vir pret

- Hou ’n klaskonsert en beeld die aankoms by die brug en uiteindelike sprong uit. Wees veilig! Gebruik julle eie woorde, maar hou by die storie.

## Vrae

1. Hoekom trap juffrou Beneke so skielik rem?
2. Hoe voel Stephan oor hoogtes?
3. Wie bedryf die buitemuurse aktiwiteit?
4. Stephan staan gevries op die platform, maar hoe gebeur dit dan dat hy vorentoe val?
5. Haal ’n sin aan wat wys hoe Stephan voel oor die ongeluk.
6. Hoekom dink Cobus sal juffrou Beneke oukei wees?
7. Toe Stephan aan die boks met bene wil vat, is daar ’n beweging. Wat dink jy kan dit beteken?
8. Haal ’n woord uit hoofstuk 21 aan wat beteken die kinders “loop stadig” terug strand toe.
9. Stephan sê hy weet nie hoekom hy juffrou Beneke se bene soos ’n legkaart uitpak op die strand nie. Hoekom dink jy doen hy dit?
10. Gee ’n naam vir hoofstuk 19.
11. Wat dink jy is die doel van die teks wat so heen en weer oor bladsy 90 geskryf staan?
12. “Dit was ongelooflik. Lekkerder as pizza. Lekkerder as marshmallows met kondensmelk. Lekkerder as ’n drie druk in rugby.” Dit is wat Stephan dink van die rekspring. Maak jy nou jou eie sin met “Lekkerder as ...”
13. Is hoofstuk 20 spannend of humoristies? Motiveer jou antwoord.
14. Watter drie karakters raak betrokke in eksterne konflik in hoofstuk 20?
15. Melindie beskuldig Cobus en Stephan vir alles wat verkeerd geloop het. Stem jy met haar saam? Motiveer jou antwoord.
16. Maak ’n vloeidiagram wat die volgende gebeure in die regte volgorde plaas:
    a. Die boks met bene beweeg.
    b. Stephan pak die bene op die strand uit.
    c. Paul en Jaco gaan koop pizzas

   d. Sagte klapgeluidjies klink op.
17. Wat sou jy na die ongeluk doen as jy in Stephan se situasie was?
18. Wat dink jy van Melindie se optrede? Is behulpsaam of ’n struikelblok?
19. Kry jy vir juffrou Beneke jammer? Hoekom sê jy so?
20. Maak ’n plakkaat vir die rekspring-besigheid. Dit moet die besigheid se naam, tye en kostes aandui. Voeg dalk ’n prent by en sê wat mense kan verwag van die ervaring.
21. Lees die laaste sin van hoofstuk 21 en voorspel wat volgende gaan gebeur.

## Vreemde woorde

Bungy – rekspring, ’n sterk rek word om jou enkels of lyf vasgemaak. Jy spring daarmee van ’n hoogte af en jy word uiteindelik weer veilig op die aarde neergesit (bungy)

Gloeiend – wat blink of glans (glowing)

Hys – oplig aan ’n tou of kabel (hoist)

Klapgeluidjies – kort knallende geluide (snapping sounds)

Legkaart – speelgoed, ’n prent, op dik karton is verdeel is in verskillende los vorms en groottes wat jy moet herbou nadat dit opgebreek is (puzzle)

Ongeduldig – sonder geduld (impatient)

Tegelykertyd – op dieselfde tyd (at the same time; simultaneously)

Uitgestrek – na voor uithou (stretched out)

Verniet – gratis (free of charge)

Vertroostende – iets wat jou troos (comforting)

Verwoede – vinnige (quick, rapid)

## Beeldspraak

Skouers ophaal – niks aan ’n saak kan of wil doen nie.

Gevries staan – stilstaan, sonder om te kan beweeg staan

Jou tong insluk – skrik

Voetjie vir voetjie – stadig loop

In die pad val – wegloop of wegry

Terugsuiker – terugloop (walk back)

## Hoofstuk 22

### Pre-lees

1. Lees die eerste sin van hoofstuk 22. Waar het jy dit al vantevore teëgekom?
2. Wat het gebeur op die plek waar iets soortgelyks voorgekom het?
3. Voorspel nou wat volgende gaan gebeur.

### Tydens lees

- Lees hoofstuk 22 saggies vir jouself.
- Lees hoofstuk 22 alleen hardop.
- Lees hoofstuk 22 hardop saam met die res van die klas.

### Post-lees

- Stel jou eie vrae op oor hoofstuk 22 van *Geraamte in die klas*. Hou dan ’n vasvra in die klas.
- Gebruik iets wat in hoofstuk 22 van *Geraamte in die klas* gebeur het en skryf ’n gedig of rympie daaroor.

### Luister

- Luister hoe jou juffrou hoofstuk 22 lees. Beantwoord dan haar vrae.

### Praat

- Vertel hoe juffrou Beneke weer ’n mens geword het.

### Vir pret

- Dis tyd vir ’n breinstorm! Verdeel in groepe en dink aan ander maniere hoe juffrou Beneke weer ’n mens kon word.

## Vrae

1. Watter geluid maak Stephan wakker?
2. Skryf hierdie sin oor sodat die betekenis duidelik is: “Ek wurm my uit die slaapsak uit.”
3. Hoekom kan Stephan sy oë nie glo nie?
4. Hoekom het juffrou Beneke genies?
5. Haal twee sinne aan wat sinspeel op juffrou Beneke se lewe as ’n geraamte.
6. Op watter dag van die toer speel hoofstuk 22 af?
7. Teen watter tyd van die dag kom die bus terug by Laerskool Laagkruin?
8. Skryf kortliks wat van die busbestuurder geword het.
9. Haal ’n sin aan wat wys hoe Stephan oor drukke en soene voel.
10. Het Melindie se karakter toe uiteindelik verander? Verduidelik jou antwoord.
11. Is juffrou Beneke se persoonlikheid weer so streng noudat sy weer in lewende lywe is? Motiveer jou antwoord.
12. Is hoofstuk 22 die klimaks van die boek? Motiveer jou antwoord.
13. Sal jy wil vriende wees met Cobus en Stephan? Hoekom sê jy so?
14. Wat dink jy sou gebeur indien juffrou Beneke steeds ’n geraamte was, maar nou weer soos ’n nare onderwyseres opgetree het?
15. Skryf hierdie sin oor in korrekte Afrikaans: “Ons was so soet soos milkshakes, meneer Human.”
16. Maak ’n kort opsomming van hoofstuk 22.
17. Het jy van *Geraamte in die klas* gehou? Motiveer jou antwoord.
18. Sal jy nog van Fanie Viljoen se boeke wil lees? Hoekom sê jy so?

## Vreemde woorde

Atiesjoe – die geluid as iemand nies (atishoo)

Dissipline – gehoorsaam aan die owerhede, ordelike gedrag (discipline)

Fladder – klap-klap vlieg (fludder)

Fronsend – met plooie op jou voorkop (frowning)

Handgranaat – ’n voorwerp wat kan ontplof as jy dit met die hand na jou vyand toe gooi (hand-grenade)

Ongetwyfeld – seker, beslis (undoubtedly)

Rommelstrooi – vuilgoed rondgooi of nie in ’n asblik gooi nie (litter)

Verhemelte – die dak van jou mond (palate)

Voorbeeldig – so optree dat ander jou voorbeeld sal wil volg (exemplary)

## Beeldspraak

Vaal van die skrik – bleek in die gesig van skrik

'n Miernes – baie mense of baie bedrywig

Dood van die honger – baie honger

Lyk of jy 'n spook gesien het – jy is bleek, of dit lyk of jy geskrik het

Alles is dooddollies – alles is weer reg

Reg soos 'n roer – alles is reg

Alles is eenhonderd persent – alles is reg

Iemand in die steek laat – iemand aan hom- of haarself oorlaat

Vir die vale – vreeslik baie

Iemand beetkry – iemand gryp

# Karakters

- In boeke kry ons hoofkarakters en bykomende karakters
- Hoofkarakters speel die grootste rol in die storie; bykomende karakters se rol is soms belangrik of onbelangrik.
- Ons leer ken die hoofkarakters baie goed, maar van die bykomende karakters leer ons maar min.
- ’n Hoofkarakter verander gewoonlik in die boek. Hy of sy is dalk eers bang, maar later word hy heldhaftig.

## Vraag

Watter van hierdie karakters is hoofkarakters en watter is bykomende karakters?

| Karakter | Hoofkarakter | Bykomende karakters |
|---|---|---|
| Stephan | | |
| Cobus | | |
| Juffrou Beneke | | |
| Die busbestuurder | | |
| Meneer Human | | |
| Melindie | | |
| Die Buffel | | |
| Henry en Theuns | | |

Ons kan karakters verder ontleed en sê hierdie persoon is ’n . . .

- Protagonis, want hy/sy is die “goeie ou” of die held in die verhaal.
- Antagonis, want hy/sy is die “slegte ou” of die vyand in die verhaal.

Die antagonis maak altyd die protagonis se lewe moeilik.

Die antagonis is nie altyd ’n mens nie. Dit kan byvoorbeeld ook ’n dier of slegte weersomstandighede wees.

## Vraag

Watter van hierdie karakters is protagoniste en watter is antagoniste?

| Karakter | Protagonis | Antagonis |
|---|---|---|
| Stephan | | |
| Cobus | | |
| Juffrou Beneke | | |
| Meneer Human | | |
| Melindie | | |
| Die Buffel | | |

# Konflik

Het jy al met ’n vriend baklei? Julle het dan seker nie oor iets saamgestem nie, of dalk op daardie oomblik nie baie van mekaar gehou nie. Ons noem dit konflik.

Konflik kom ook in boeke voor.

Wanneer karakters met vuiste of wapens veg, of as hulle met mekaar stry, noem ons dit eksterne konflik – “ekstern” beteken dit is buite hulle lywe.

Wanneer ’n karakter bekommerd is oor iets wat hy of sy gedoen het. Of nie seker is wat hy of sy moet doen nie, noem ons dit interne konflik – “intern” beteken dit vind binne-in hulle koppe plaas. Ons sien dit gewoonlik as die skrywer sê die karakter dink oor iets.

## Vrae

1. Is hierdie gedeeltes konflik?

| Gebeurtenis | Konflik? Ja of Nee |
|---|---|
| Meneer Human raas met Cobus en Stephan. | |
| Die kinders gaan koop pizza. | |
| Juffrou Beneke rekspring. | |

2. Is hierdie konflik intern of ekstern?

| Gebeurtenis | Intern of ekstern |
|---|---|
| Juffrou Beneke baklei teen die seekat. | |
| Die ape verf vir juffrou Beneke. | |
| Stephan word hartseer toe hy juffrou Beneke se bene uitpak op die strand. Hy besef hy het ’n anderkant van haar leer ken. | |
| Stephan kan nie vir Cobus wakker skud nie en moet hom nou alleen lê en bekommer. | |

## Spanning en die storielyn

Dink ’n bietjie terug aan alles wat in die boek gebeur het. Die skrywer skryf hierdie gebeure in ’n sekere volgorde – ons noem dit die “storielyn”. Die storielyn help ons om die storie te verstaan en dit maak die boek spannend.

- Aan die begin van ’n boek is die spanning laag.
- Soos die storie aangaan, word die spanning hoër en hoër en hoër.
- Amper teen die einde is die spanning op sy hoogste.
- Aan die einde verlaag die spanning weer.

Kom ons kyk hoe werk dit in *Geraamte in die klas*:

| Gebeure | Spanning |
|---|---|
| Cobus en Stephan beplan die GROOT DAG. | Laag |
| Cobus en Stephan sit detensie en verander juffrou Beneke in ’n lewende geraamte. | Verhoog |
| Cobus en Stephan smokkel juffrou Beneke op die bus. | Verhoog nog meer |
| Juffrou Beneke veg teen ’n seekat en kry later haar motorfiets terug. | Verhoog nóg meer |
| Juffrou Beneke kry ’n ongeluk toe sy rekspring. | Op sy hoogste |
| Juffrou Beneke word weer ’n mens. | Verlaag |

### Vraag

Rangskik die volgende gebeure in *Geraamte in die klas* van die laagste spanning tot die hoogste spanning:

a) Die proefbuis ontplof.
b) Cobus en Stephan sit detensie.
c) Cobus en Stephan beland in die skoolhoof se kantoor.
d) Cobus en Stephan gooi die nies- en jeukpoeier in die proefbuis.
e) Cobus en Stephan gooi die spinnekoppe in die meisies se badkamer uit.

## Die verteller

Het jy al opgelet dat boeke verskillende vertellers het?

- Een boek sal byvoorbeeld lees: “Ek pluk aan Cobus se hemp.”
- ’n Ander boek sal lees: “Stephan pluk aan Cobus se hemp.”

Die eerste voorbeeld noem ons ’n eerstepersoonsverteller, of ek-verteller. Die karakter vertel self vir ons wat hy sien, dink en voel.

Die tweede voorbeeld noem ons ’n derdepersoonsverteller. Iemand wat buite die storie staan, vertel vir ons wat gebeur en wat die karakters dink.

*Geraamte in die klas* het ’n eerstepersoonsverteller.

### Vrae

1. Haal ’n sin aan om te bewys dat *Geraamte in die klas* ’n eerstepersoonsverteller het.
2. Skryf die volgende gedeelte oor as ’n derdepersoonsverteller: “Ek loer vinnig na Cobus se rekenaarskerm.”

## Tema

Vra jouself af: wat is die hoofidee van ’n boek? Wat jy dan eintlik vra is: wat is die tema?

*Geraamte in die klas* se tema is: Geniet die lewe, want dit is kort.

### Vrae

1. Verduidelik kortliks hoe die tema “geniet die lewe, want dit is kort” in *Geraamte in die klas* voorkom.

## Boodskappe

Om boeke met lewenslessies te lees is maar aaklig. Lesers is mos slim genoeg om self te besluit wat reg en verkeerd is.

Gesels in die klas oor die volgende gebeure en besluit of dit reg of verkeerd is:

- Is dit reg om spinnekoppe in ’n badkamer los te laat?
- Is dit reg om klein snip te wees soos Melindie?
- Mag jy goed vir mense in gesag (soos jou ouers of die skoolhoof) wegsteek?
- Mag jy ander mense se besittings sonder respek hanteer (soos om tasse weg te steek)?
- Mag jy verneuk in ’n speletjie of sport?
- Is dit reg om mense in die steek te laat (soos die busbestuurder wat weghardloop en die kinders los)?
- Is vriendskap belangrik?

## Omgewing

Alle stories moet iewers afspeel. Dink maar net aan flieks. Die karakters beweeg mos nie rond teen ’n swart skerm met niks om hulle nie. Daar is altyd geboue, huise, meubels, bome, water, of ander goed om hulle.

Die plek waar ’n storie afspeel, noem ons die omgewing.

### Vrae

1. In watter omgewing speel *Geraamte in die klas* af?
2. Gee ’n voorbeeld waar die omgewing ’n invloed het op die karakters.
3. Dink jy *Geraamte in die klas* moes eerder op ’n ander plek afgespeel het?

# Die lokteks

Uitgewers maak deesdae baie van die Internet gebruik om lesers te oorreed om ’n boek te koop en te lees.

Op Human & Rousseau-uitgewers se webblad verskyn die volgende lokteks vir *Geraamte in die klas*:

> In hierdie boek vertel een van my leerders, Stephan, hoe hy en sy vriend, Cobus, vir my, juffrou Beneke, per ongeluk in 'n geraamte verander.

## Vir pret

Gaan lees ander boeke se loktekste by: http://www.jongklomp.co.za/

## Vrae

1. Uit wie se perspektief word hierdie lokteks geskryf?
2. Klink dit of die verandering met opset gebeur? Haal twee woorde aan om jou antwoord te staaf.
3. Sê die lokteks wie die storie gaan vertel? Motiveer jou antwoord.
4. Hoe probeer die uitgewers ons oorreed om die boek te koop?
5. Sou jy die boek in jou winkel verkoop as jy in ’n boekwinkel gewerk het? Hoekom sê jy so?
6. Skryf jou eie lokteks vir *Geraamte in die klas*.

## Resensie

Resensies vertel vir ons van nuwe boeke wat verskyn het. Die resensie word gewoonlik in koerante, tydskrifte of op die internet gepubliseer.

Die persoon wat die resensie skryf, noem ons die resensent. Hulle is gewoonlik iemand wat baie weet van boeke, soos ’n bibliotekaris, ’n professor by ’n universiteit, of ’n ander skrywer.

’n Resensie sê vir ons wat is goed en sleg in ’n boek. Soms gee resensies ook punte of sterre vir ’n boek, byvoorbeeld ★★★★☆.

’n Resensie sal jou net ’n klein bietjie van die storielyn vertel. Hulle wil nie die einde van die boek weggegee nie, anders sal niemand dit dalk wil lees nie!

Hierdie kort resensies van *Geraamte in die klas* het in ’n koerant en tydskrif verskyn.

**Geraamte in die klas** (*Jip*, 27 November 2006)

Jeané Joubert

Hou jy van *freaky* en grillerige stories wat jou hoendervel gee of net ’n bietjie te alleen laat voel? Kraak die plankvloere en vurke rittel en daai *weird* goed as jy saans lees?

**Waaroor gaan dit?** *Geraamte in die klas* gaan oor Stephan en Cobus, twee ouens in gr. 7, wat nogal nonsens aangejaag het en toe ná skool in die wetenskapklas agterbly. Per ongeluk verander hulle hul onderwyser, juffrou Beneke, in ’n geraamte. Hulle moet die volgende dag op hul laaste skooltoer gaan en die juffrou wat saam moet gaan is niemand anders as die wonderlike geraamte nie. Stephan en Cobus vermom haar sodat sy nie meer soos ’n geraamte lyk nie en sy gaan saam. Die geraamte besluit dat dit *boring* gaan wees as hulle die program volg en wysig dit sodat hulle Playstation speel, ’n motorfiets wen en dan nog beter *bungy jump*.

Hierdie boek is goed geskryf vir lesers tussen die ouderdom van 10 en 13 jaar. Vir ouer tieners sal dié boek dalk nie lokkend genoeg wees nie.

**Geraamte in die klas** (*Huisgenoot*, 23 November 2006)

Judy van Bergen

★★★★☆

Twee leerders verander per ongeluk vir juffrou Beneke, die kwaai juffrou van die gr. 7-klas, in ’n geraamte. Toe die klas gaan toer, gaan sy nogtans saam.

Van die oomblik dat die bus vertrek, is daar konsternasie. Die busbestuurder kies die hasepad toe hy die geraamte sien en juffrou Beneke moet oorneem. Sy sorg vir ’n paar benoude oomblikke met haar geraamtelyf agter die stuur. Sy neem ook aan ’n rekenaarkompetisie deel, swem saam die kinders in die see, kompleet met duikbril en snorkel en takel tot ’n seekat toe.

Die boek laat jong lesers kraai van die lag en is ’n moet. Dis geskik vir kinders tussen ses en tien, maar kleiner outjies kan dit ’n bietjie grillerig vind.

## Vrae

1. Wie het die twee resensies geskryf?
2. Waar het die resensies verskyn?
3. Watter feitefout kom in die eerste resensie voor?
4. Hoeveel sterre gee die tweede resensie die boek?
5. Die eerste resensent hou van die geraamte. Haal ’n woord aan om dit te bewys.
6. Daar is twee vorme van beeldspraak in die tweede resensie. Haal een aan en sê wat dit beteken.
7. Haal ’n woord aan uit een van die resensies wat aandui dat daar moeilikheid op die bus is.
8. Stem die resensente saam oor die boek se teikengehoor? Motiveer jou antwoord.
9. Wie dink jy is die boek se teikengehoor?
10. Watter een van die twee resensies lees die maklikste? Motiveer jou antwoord.
11. Watter een van die resensies se aanslag is informeel?
12. Skryf ’n kort resensie vir *Geraamte in die klas*.

# Praat

Is jy lus vir ’n bietjie gesels? Hier is ’n paar onderwerpe vir klasbespreking:

- Cobus en Stephan is twee ware vriende. Dink jy ook so?
- Die Buffel het dalk net liefde nodig. Stem jy saam?
- Ekstreme sport, soos rekspring, moet verbied word, want mense kan baie seerkry. Dink jy ook so?
- Stephan se ma sal ’n hartaanval kry as sy hoor wat haar seun gedoen het! Stem jy saam?
- Skoolbusse moet versier word met mooi prente. Dink jy ook so?
- Wil jy meer vryheid in die skool hê? Hoekom sê jy so?
- Skooltoere is wonderlik, want . . .

# Lees

## Vluglees

Wanneer jy net vinnig wil weet waaroor ’n geskrewe stuk gaan, vluglees jy dit. Jy kan dan sien of dit iets is waarin jy belangstel.

## Vluglees-oefeninge

1. Vluglees hoofstuk 1.
    - Skryf ’n paar sinne neer wat jy kan onthou.
    - Kon jy sien wie die hoofkarakters is?
    - Kon jy sien of dit ’n spannende of humoristiese storie is?
2. Vluglees hoofstuk 8.
    - Skryf ’n paar idees of woorde neer wat jou oog gevang het.
    - Uit hoeveel bladsye bestaan die hoofstuk?
    - Hoeveel karakters is in die hoofstuk?
    - Is daar illustrasies in die hoofstuk?

## Soeklees

Soeklees is soos ’n skattejag! Wanneer jy soeklees, soek jy na iets spesifieks. Dit kan ’n naam wees, of dalk ’n sleutelwoord. Dis nogal vreemd – jy sien elke woord op die bladsy, maar jy lees nie noodwendig die bladsy nie.

### Soeklees-oefeninge

1. Soek na die woord “serp” op bl. 39.
2. Soek na die woord “jillende” op bl. 60.
3. Soek na ’n tipe museum op bl. 50.
4. Soek na ’n woord waar drie r’e langsmekaar staan op bl. 63.
5. Wie “weet mos van slaan”? Soek die antwoord op bl. 73.
6. Soek vyf kleure op bl. 82.
7. Hoeveel keer word die woord “Theuns” gebruik op bl. 89?
8. Soek na die een of ander geluid in hoofstuk 21.
9. Hoeveel keer kom getalle voor op bl. 102 en 103 ?
10. Op die laaste bladsy van die boek lê ’n pruik. Op watter ander bladsy in die boek het dieselfde illustrasie voorgekom?

## Prettige idees vir *Geraamte in die klas*

Dit moet lekker wees om ’n boek te lees, maar nie almal hou daarvan nie. Hierdie aktiwiteite kan dalk jou verbeelding aangryp en jou met nuwe oë na boeke laat kyk.

- Jy ontmoet vir Cobus en Stephan in die nuwe hoërskool. Hulle lyk vir jou nogal na twee stoute ouens, maar julle raak bevriend. Op julle vyfde dag beland julle in die moeilikheid. Tydens detensie in die wetenskapklas besluit Cobus en Stephan om jou te wys hoe hulle vir juffrou Beneke in ’n lewende geraamte verander het. Op daardie oomblik kom die nuwe onderwyser, meneer Scedel, by die lessenaar aan. Daar is ’n ontploffing . . .

  Skryf ’n kort toneelstuk hieroor en ook wat volg. Voer dit dan in die klas op.

- Maak ’n lokprent vir *Geraamte in die klas*. Kyk gerus op YouTube na voorbeelde van soortgelyke lokprente. Hierdie een van Jonathan Safran Foer se boek “Extremely Loud and Incredibly Close” is nogal goed gedoen: http://www.youtube.com/watch?v=7o0D399iwOI&feature=related
- Sê nou net daar is werklik ’n lewende geraamte-juffrou los in die dorp . . . Skryf ’n koerantberig oor haar. Waar is sy laas gesien? Wat het gebeur? Wie het haar gesien? Wat het sy gedoen? Hoe het hy gelyk? Hoe moet mense optree as hul pad met hare kruis?
- Jy besluit om boeke te verkoop by julle skool se entrepreneursdag. *Geraamte in die klas* moet jou topverkoper wees. Werk ’n kort bemarkingsplan vir die boek uit.
- Gooi kondensmelk of jellie in skoon proefbuise en verkoop dit vir ekstra sakgeld. Ontwerp sommer ’n etiket ook vir die lekkerny.

- Verbeel jou jy gaan op reis . . . Werk vir jou ’n toerplan uit. Wat gaan dit jou kos? Wat moet jy saamneem? (Kies dalk ’n grillerige toer na Transsilvanië, of ’n koue avontuur in Antarktika.)
- Hoeveel van die kinders by jou skool glo aan spoke? Doen navorsing en publiseer die resultate in die skoolkoerant.
- Cobus en Stephan is terug in die dorp. Dan sien hulle weer die Buffel! Wat gebeur volgende? Teken ’n strokiesprent hiervoor.
- Skryf ’n kort gedig of rympie oor ’n geraamte.
- As jy oulik is met die rekenaar, maak ’n rekenaarspeletjie vir *Geraamte in die klas*.
- Vind uit hoe ’n mens animasie doen. Die internet sal baie help. Maak ’n kort animasie van ’n bewegende geraamte. (Jy kan self ’n geraamte maak uit die wit metaaldraadjies wat mens saam met plastieksakkies kry.)

# Antwoorde

## Die voorblad: Kies jou gunsteling

Die leerder kan enige kreatiewe redes vir sy besluit gee, en moet dit kan motiveer.

## Die voorblad: Vrae

1. Gebruik die beskrywing in die bespreking as riglyn.
2. Die antwoord is oop vir interpretasie.
3. Die antwoord is oop vir interpretasie.

## Die titel

4. Die antwoord is oop vir interpretasie.
5. Die antwoord is oop vir interpretasie.
6. Die antwoord is oop vir interpretasie.

## Die skrywer

1. 2004
2. Die Bloemfonteinse Skrywersvereniging
3. In die kuberruim (Internet) by www.fanieviljoen.co.za

## Tekskenmerke

1. NUWE (bl. 51), GROOT (bl. 76), KLAP (bl. 92), en meer.
2. Juffrou Beneke se vermomming op bl. 39.
3. Dit laat die pamflet meer realisties lyk en maak die storie interessanter.
4. Dit lyk soos ’n informele geselsbrief. ’n Skuinsgedrukte font word gebruik.

## Hoofstuk 1 en 2

### Pre-lees

1. Fanie Viljoen
2. Karl Stephan
3. 2006
4. M.E.R.-prys vir geïllustreerde kinderboeke (2007) en ’n ATKV-kinderboektoekenning (2007)
5. Die antwoord is oop vir interpretasie. Moontlike antwoorde kan wees dat iets belangriks op die dag gaan gebeur. Dit is iets waarvoor die hoofkarakters al lank wag.
6. Cobus en Stephan gaan dalk iets stouts met die spinnekoppe aanvang.
7. Iemand het dalk niespoeier in die hande gekry, iemand het hooikoors, of is verkoue.

### Vrae

1. Cobus en Stephan
2. Hulle wil dit in die meisies se kleedkamer uitgooi.
3. Die GROOT DAG.
4. Met ’n motoralarm.
5. Eers in die laaste periode
6. Sy het ’n kil persoonlikheid, en haar van is “Beneke”.
7. Hulle kan hulself dalk verbrand, of ’n brand veroorsaak.
8. Jy verstaan dit nie.
9. “‘Dink jy nóg ons moet dit doen?’ vra ek. ’n Paar weke gelede, toe ons die GROOT DAG beplan het, het dit cool geklink. Maar nou is ek nie meer so seker nie.

   ‘Natuurlik. Jy wil nie nou uitchicken nie, hè?’”

10. Hoofstuk 1 het elemente van beide. Daar is spanning wanneer die seuns die spinnekoppe in die kleedkamer uitgooi, en die meisies se reaksie en Cobus en Stephan se waagmoed is humoristies.
11. Die antwoord is oop vir interpretasie.
12. a;d;c;b
13. Die antwoord is oop vir interpretasie.
14. Ag wat, dink ek, ek kan my later daaroor bekommer.
15. Ja, dit pas by Cobus. Hy is ’n wilde ou wat hom nie veel aan reëls steur nie.
16. In Afrikaans sou ons sê iemand wil kop uittrek.
17. Om jammer te wees oor wat jy gedoen het.
18. Die ruimte is die skoolgronde en skoolgeboue.
19. Stephan vertel die storie.

20. Hy is ’n ek-verteller of eerstepersoonsverteller, want hy gebruik woorde soos “ek” en “ons” om gebeure te beskryf.
21. Ons vind nou eerstehands uit hoe Stephan dink en voel. Dit bring die storie “nader” aan die leser. Die gebeure voel meer direk en onmiddellik.
22. Cobus is avontuurlistig. Hy hou van kwajongstreke en poetse bak. Hy hou nie baie van skoolwerk nie. Hy steur hom nie juis aan reëls nie.
23. Cobus en Stephan moet twintig minute lank na die skoolhoof luister. Hy preek, smeek en waarsku hulle om op te hou met hulle streke. Cobus en Stephan stem toe tot alles wat hy sê sodat hulle net uit die kantoor kan kom. Hulle kry nog een kans, daarna sal hulle geskors word.
24. Die antwoord is oop vir interpretasie.

## Hoofstuk 3-6

### Pre-lees

1. Die antwoord is oop vir interpretasie. ’n Moontlike antwoord kan wees dat die chemikalieë gaan ontplof.
2. Die antwoord is oop vir interpretasie.

### Vrae

1. Tina Malherbe
2. Dit lyk of sy vir Cobus wil wurg.
3. “Verstom”
4. Hulle moet kougom onder die tafelblaaie afskraap, die vullisblik uitgooi en uitskrop, die swartbord skoonmaak en die hamsters kosgee.
5. “. . . ek is nie haastig nie.”
6. Daar is nog plek in die proefbuis nadat die ander chemikalieë ingegooi was.
7. Hy wil weet of juffrou Beneke dood is.
8. Harteliefie(s).
9. Die antwoord is oop vir interpretasie. Name soos “Liewe land, juffrou Beneke!” of “Lekker is net ’n geraamtevinger lank” sal dalk oulik wees.
10. Juffrou Beneke se koue geraamtehand vryf sy hare deurmekaar. Die bene voel aaklig teen sy kopvel.
11. Die deel waar die seuns voel vir ’n polsslag, en die manier waarop juffrou Beneke lewend word, is spannend.

12. Die antwoord is oop vir interpretasie.
13. b ➔ d ➔ c ➔ a
14. Voor die ongeluk is juffrou Beneke baie streng. Sy praat met ’n skril stem en gluur vir Cobus en Stephan aan as sy na hulle kyk. Sy is ’n ook ’n regte mens. Na die ongeluk verander die juffrou in ’n lewende geraamte. Sy praat nou met ’n “sjokoladesoet stem”. Sy het nie oë nie, maar kan steeds vir Stephan-hulle sien.
15. Die antwoord is oop vir interpretasie.
16. Die antwoord is oop vir interpretasie.
17. Die antwoord is oop vir interpretasie, maar dis heelmoontlik nee. Hulle het nie die eksperiment of die ekstra take afgehandel nie. Hulle het eintlik groter moeilikheid veroorsaak.
18. Die antwoord is oop vir interpretasie. ’n Moontlike antwoord is: “Cobus is optimisties, want hy sien altyd die blink kant van die lewe.”
19. Die antwoord is oop vir interpretasie.
20. Die kennisgewing kan moontlik soos hierdie voorbeeld lyk:

**WAARSKUWING!**

Gevaarlike eksperimente aan die gang.

Dra ’n gasmasker wanneer jy binnekom.

Toegang op eie risiko!

☠

21. Leerders moet die aanvaarde formaat vir ’n formele brief gebruik.
22. “Dit kan nie wees nie. Sy is seker bewusteloos.”
23. Juffrou Beneke raas met Cobus en Stephan wanneer hulle niespoeier in die klas los en wanneer sy die rook uit hulle proefbuis sien borrel.
24. Stephan wonder aan die begin van hoofstuk 4 of hulle die regte ding gedoen het. Daar is ook onsekerheid by hom wanneer hy juffrou Beneke se pols moet voel.

## Hoofstuk 7-9

### Pre-lees

1. Die antwoord is oop vir interpretasie. ’n Moontlike antwoord is dat sy ontsnap het uit die klaskamer.
2. Cobus lyk gespanne. Dit lyk of hy oor iets dink of wonder.
3. Die antwoord is oop vir interpretasie.

## Vrae

1. Stephan se boomhuis.
2. Stephan laat Cobus belowe dat hy vir niemand sal vertel wat hulle gedoen het nie.
3. Hulle ry met hulle fietse.
4. Sy ma dink hy gaan verlang as hulle op toer is.
5. Die skoolhoof praat daarvan wanner hy vir Cobus en Stephan aan die werk steek.
6. Nee. “Ek sal meisies ook nooit verstaan nie.”
7. Hulle dink sy het al haar skoolboeke, en sertifikate en bekers wat sy op prysuitdelings gewen het, saamgebring.
8. Juffrou Beneke is steeds ’n geraamte. Sy dra ’n hoed, ’n oordadig geblomde rok en hoëhakskoene. Sy loop mank, want een van haar bene is nou ’n arm. Waar haar arm moet wees, is ’n been. Sy dra ook grimering.
9. Stephan vergelyk juffrou Beneke met ’n legkaart.
10. Sy sê sy voel pure mens, maar sy is eintlik pure geraamte!
11. Juffrou Beneke gaan ’n vermomming dra sodat niemand kan sien sy is ’n geraamte nie. Sy mag ook niks sê totdat die bus by die skoolhek uitry nie.
12. (d) Juffrou Beneke kom aangestrompel na die bus toe
13. “Ons oë is so groot soos gholfballe.”
14. Die ellips verswyg woorde en sit die leser aan die dink oor wat gebeur het. Dit help spanning skep.
15. Nee, hulle sleep dan die tasse wat nie in die bus of sleepwaentjie pas nie agter ’n bos in.
16. Die antwoord is oop vir interpretasie.
17. My ouma maak kos in ’n klein potjie.
18. Die antwoord is oop vir interpretasie.
19. Die antwoord is oop vir interpretasie.
20. Die e-pos moet die formaat van ’n regte e-pos aanneem.

## Hoofstuk 10 en 11

### Pre-lees

1. Daar is uitdrukkings van afgryse, vrolikheid en benoudheid. Die leerder se verwagtinge van die storielyn moet die elemente weerspieël.
2. Beenmonster – die benerige juffrou het dalk ’n Frankenstein-tipe persoonlikheid gekry. Die seuns besef hulle sal haar dalk nie kan hanteer nie.
3. Die antwoord is oop vir interpretasie.

### Vrae

1. Sy moet agter in die bus sit.
2. Die swart teerpad lê soos ’n dik potloodstreep oor ’n groen landskap.
3. ’n Toebroodjie en ’n fles melk.
4. Daar is ’n koei in die pad.
5. Halitose is ’n slegte asem.
6. Die kinders raas te veel in die bus. Hy kan nie konsentreer op die verkeer nie.
7. Juffrou Beneke haal die byenet en masker af. Hy sien dan sy is ’n geraamte.
8. ’n Skoenfabriek, wasgoedlynfabriek, ’n tuinslangfabriek, ’n fabriek wat plastiekdoppies vir tandepasta maak en ’n ouetehuis.
9. Meneer Human
10. Verkeerd. “Juffrou Beneke ry bo-oor ’n sypaadjie en ’n straatlig val klaterend agter ons neer.”
11. In sy kantoor was hy streng en onverbiddelik. Tydens die afskeid by die skool gee hy voor dat hy die kinders gaan mis. Hy is dus meer gemoedelik.
12. Die antwoord is oop vir interpretasie. ’n Moontlike antwoord sal “nee” wees. Melindie is ’n klein snip. Sy skryf alles neer wat verkeerd loop op die toer.
13. Die antwoord is oop vir interpretasie.
14. C
15. Die antwoord is oop vir interpretasie.
16. Juffrou Beneke het as opsteller van die toerprogram geen verbeelding of sin vir avontuur gehad nie. Die juffrou Beneke in die bus is egter verbeeldingryk en lus vir avontuur.
17. Die antwoord is oop vir interpretasie.
18. Ek dink sy weet ook nou hoe vervelig dit gaan wees. (Nota: Bring dalk die verskil tussen die woorde “vervelig” en “verveeld” onder leerders se aandag. Ons sê: “Ek is verveeld.” En “Die toerprogram is vervelig.”
19. “Ek sê ons doen net wat ons wil, wanneer ons wil en hoe ons wil!”
20. Die antwoord is oop vir interpretasie.

## Hoofstuk 12 en 13

### Pre-lees

1. Die antwoord is oop vir interpretasie.
2. Die antwoord is oop vir interpretasie.
3. Die antwoord is oop vir interpretasie.

### Vrae

1. Die verteller sê juffrou Beneke kan detensie uitdeel asof dit koekies is.
2. OppieAarde
3. Pizza
4. Hulle het die tasse wat nie in die bus of sleepwaentjie pas nie weer iewers gaan wegsteek soos die oggend toe hulle op die toer vertrek het.
5. Hulle skiet met eiers.
6. In die laaste oomblikke van die spel pluk sy haar byehoed en masker af. Dit vang die Buffel onkant. Hy vergeet sommer om te speel. Juffrou Beneke plant dan die laaste eier tussen sy mannetjie se oë.
7. Hulle dink daar is ’n spook in die saal.
8. Sy jeuk van die jeukpoeier.
9. “Iewers in die bus begin iemand lag. Toe nog een, en nog een. Later skater almal van die lag.”
10. Die hoofstukke was spannend tydens die kompetisie en humoristies toe die mense uitvind dat juffrou Beneke ’n geraamte is.
11. Die kompetisie speel af in die Supersoniese Speelarkade.
12. Nee, Melindie skryf steeds alles neer wat verkeerd loop op die toer. Sy is ook vol fiemies en wil nie saam met die ander kinders pizza eet vir middagete nie.
13. Die antwoord is oop vir interpretasie.
14. Die antwoord is oop vir interpretasie.
15. b; d; a; c
16. Antagonis. Hy is ’n teenvoeter vir die hoofkarakters. Hy is die slegte ou in die verhaal. Hy is die vyand of opponent.
17. Protagoniste. Hulle is die helde in die verhaal – die “goeie ouens”.
18. Vergelyking
19. Die antwoord is oop vir interpretasie.
20. Die antwoord is oop vir interpretasie.

## Hoofstuk 14 en 15

### Pre-lees

1. Die antwoord is oop vir interpretasie.
2. Die antwoord is oop vir interpretasie.

### Vrae

1. Die meisies se tasse is weg.
2. Hulle moet leer om ander mense se goed te respekteer.
3. Sy ruik die see.

4. Hulle kan nou van die meisieklere ontslae raak.
5. Hy kruip weg agter sy uitkyktoring, want hy het die lewende geraamte gesien.
6. Juffrou Beneke het ’n duikbril, snorkel, paddavoete en ’n rooi baaikostuum met wit kolletjies aan. Om haar benerige lyf hou sy ’n geel opblaas-seeperdjie vas. Sy het ook nou twee pingpong-balletjies met getekende oë in haar swart oogkasse.
7. Juffrou Beneke het deur die seeperdjie se opening geglip.
8. Nee, ’n seekat het haar beetgekry.
9. Juffrou Beneke slaan hom tussen die oë met haar afgebreekte been.
10. Humoristies, want Cobus en Stephan moet as straf meisieklere aantrek. Hulle hou niks daarvan nie.
11. Juffrou Beneke is ’n powere bestuurder. Sy ry deur ’n rooi verkeerslig, trap amper ’n kat en stamp byna ’n ander motor.
12. Ja, Melindie is baie vies, want haar klere, tandeborsel en al haar reisgoed is weg. Dit is ’n baie ongemaklike situasie vir haar. Cobus en Stephan dink dis sommer niks nie, meisies hou mos daarvan om mekaar se klere te dra.
13. Die antwoord is oop vir interpretasie.
14. Die antwoord is oop vir interpretasie.
15. Die hoofstuk speel langs en in die see af.
16. b; c; d; a
17. Die antwoord is oop vir interpretasie.
18. Die antwoord is oop vir interpretasie.
19. Die lewensredder is lafhartig, maar dalk is hy net baie bang.
20. Die antwoord is oop vir interpretasie.

## Hoofstuk 16-18

### Pre-lees

1. Die antwoord is oop vir interpretasie.
2. Die prente is tonele uit die verhaal: die rekenaarspeletjie-kompetisie, die seekat-geveg en die Buffel op die gesteelde motorfiets.

### Vrae

1. Juffrou Beneke sit haarself weer aanmekaar. Die klap van haar bene laat Stephan ril.
2. Sy noem dit haar spoedvarkie.
3. Die hoofstuk is ook vol aksie. Daar is ’n woeste jaagtog deur die strate, amper soos in ’n fliek. Dit lyk ook asof juffrou Beneke nie haar motorfiets sal kan terugkry nie. Dit is amper ’n onmoontlike missie.
4. Hy kon nie die motorfiets wen nie, toe steel hy hom maar.
5. Melindie eet slaai.

6. Ja, sy is steeds die voorbeeldige meisie wat gesonde kos eet.
7. Pannekoekpan
8. “Maar oom Fonnie is nog nie heeltemal wakker toe hy daar aankom nie.”
9. Die hoofstuk het elemente van beide. Die jaagtog is spannend, maar juffrou Beneke se geveg met die Buffel is humoristies.
10. Die antwoord is oop vir interpretasie.
11. Ons sê gewoonlik iemand voel weer mens as hulle gesond voel. Maar omdat juffrou Beneke ’n geraamte is, sal sy sekerlik “pure geraamte” voel.
12. Die antwoord is oop vir interpretasie.
13. c; d; b; a
14. Die antwoord is oop vir interpretasie. ’n Moontlike antwoord kan ja wees. Sy het bonatuurlike kragte en kom wonder bo wonder uit benarde situasies.
15. Iets wat lekker is, is gewoonlik van korte duur.
16. In hierdie toneel worstel juffrou Beneke met ’n klomp ape. Omdat ape van piesangs hou, pas die piesanggeel-beeld beter.
17. Ja, die koms van die ape, die meisies se gille, die ape wat juffrou Beneke toetakel, die Graadsewes wat tot die “geveg” toetree en die uiteindelike ontlonting van die situasie wys ’n stygende spanning, en uiteindelik ’n daling in die spanning.
18. “Ek dink juffrou Beneke het ’n woord gebruik wat jy nie sommer mag sê nie.”
19. Jy bak ’n poets of jy haal ’n grap op iemand uit.
20. Ape was deel van die hoofstuk se intrige. Aan die einde van die hoofstuk kom drie spreekwoorde voor wat op ’n kreatiewe manier aansluit by die afloop van die toneel, en ook iets met ape te doen het. “Ek sal my mos nie vir ’n aap laat hou nie” beteken “ek sal my mos nie vir ’n gek laat hou nie” of “ek sal nie ’n gek van my laat maak nie”. Wanneer jy ’n “aap in die mou” het, steek jy ’n slinkse streek weeg. “Aapstreke” is stoutighede.

## Hoofstuk 19-21

### Pre-lees

1. Die vraag verwys na die woord “BUNGY”. Die antwoord is verder oop vir interpretasie.
2. Die antwoord is oop vir interpretasie.

### Vrae

1. Sy sien ’n plek waar hulle kan gaan rekspring.
2. Hy is ’n bietjie skrikkerig.
3. Henry en Theuns
4. Theuns gee hom ’n ligte stampie.

5. “Ek is tegelykertyd bang en hartseer.”
6. Sy het al uit die klasvenster geval en haarself toe weer aanmekaargesit.
7. Juffrou Beneke kan dalk weer lewe.
8. Terugsuiker
9. Die antwoord is oop vir interpretasie.
10. Die antwoord is oop vir interpretasie. Moontlike name is “Die Ongeluk” of “Spring!”
11. Dit simboliseer die op en neer trek van die rekspring se rek.
12. Die antwoord is oop vir interpretasie.
13. Spannend, want juffrou Beneke het ’n ongeluk.
14. Cobus, Stephan en Melindie.
15. Die antwoord is oop vir interpretasie.
16. c ➔ a ➔ b ➔ d
17. Die antwoord is oop vir interpretasie.
18. Die antwoord is oop vir interpretasie.
19. Die antwoord is oop vir interpretasie.
20. Die antwoord is oop vir interpretasie.
21. Die antwoord is oop vir interpretasie.

## Hoofstuk 22

### Pre-lees

1. In hoofstuk 3 nies juffrou Beneke toe die proefbuis met niespoeier ontplof.
2. Juffrou Beneke het in ’n lewende geraamte verander.
3. Die antwoord is oop vir interpretasie.

### Vrae

1. Iemand nies.
2. Ek klim/kruip uit my slaapsak uit.
3. Juffrou Beneke is weer ’n mens.
4. Die wit blommetjies op die sandbank gee haar hooikoors.
5. “Ek is dood van die honger” en “Dit lyk of julle ’n spook gesien het.”
6. Die laaste dag van die skooltoer.
7. Teen donker.
8. Die busbestuurder het op die laaste dag van die toer by die skool aangekom. Hy het ylend gepraat van ’n geraamte wat hom wou aanval. Hy is nou op verpligte verlof gestuur.
9. “Sy kan druk, maar die soenery moet sy maar by die huis doen.”
10. Ja, Melindie het die heeltyd alles opgeskryf wat verkeerd gegaan het met die toer. Uiteindelik skeur sy die bladsye uit en raak sy daarvan ontslae.

11. Nee, juffrou Beneke is nou baie kalmer. Sy noem die kinders weer gemoedelik “harteliefies”, en sy sê vir meneer Human dat Cobus en Stephan voorbeeldige kinders is.
12. Nee, die voorafgaande 3 hoofstukke was die boek se klimaks. In hoofstuk 22 word die spanning ontlont. Dit is die afloop van die verhaal.
13. Die antwoord is oop vir interpretasie.
14. Die antwoord is oop vir interpretasie. Hierdie scenario sou egter nie ’n goeie einde vir die boek maak nie!
15. Ons was so soet soos melkskommels, meneer Human.
16. Juffrou Beneke is weer ’n lewende mens wanneer Stephan-hulle wakker word. Haar hooikoors het haar teruggebring. Na ’n stewige ontbyt vertrek die bus terug skool toe waar hulle ’n welkome ontvangs kry. Melindie besluit om nie vir die skoolhoof te vertel wat alles verkeerd geloop het op die toer nie. Juffrou Beneke prys vir Cobus en Stephan. Hulle gaan haar mis as hulle volgende jaar hoërskool toe gaan.
17. Die antwoord is oop vir interpretasie.
18. Die antwoord is oop vir interpretasie.

## Karakters

| Karakter | Hoofkarakter | Bykomende karakters |
|---|---|---|
| Stephan | X | |
| Cobus | X | |
| Juffrou Beneke | X | |
| Die busbestuurder | | X |
| Meneer Human | | X |
| Melindie | | X |
| Die Buffel | | X |
| Henry en Theuns | | X |

| Karakter | Protagonis | Antagonis |
|---|---|---|
| Stephan | X | |
| Cobus | X | |
| Juffrou Beneke | X | |
| Meneer Human | | X |
| Melindie | | X |
| Die Buffel | | X |

Nota: Juffrou Beneke lyk eers soos ’n antagonis, maar uiteindelik word sy ’n protagonis.

## Konflik

| Gebeurtenis | Konflik? Ja of Nee |
|---|---|
| Meneer Human raas met Cobus en Stephan. | Ja |
| Die kinders gaan koop pizza. | Nee |
| Juffrou Beneke rekspring. | Nee |

| Gebeurtenis | Intern of ekstern |
|---|---|
| Juffrou Beneke baklei teen die seekat. | Ekstern |
| Die ape verf vir juffrou Beneke. | Ekstern |
| Stephan word hartseer toe hy juffrou Beneke se bene uitpak op die strand. Hy besef hy het ’n anderkant van haar leer ken. | Intern |
| Stephan kan nie vir Cobus wakker skud nie en moet hom nou alleen lê en bekommer. | Intern |

## Spanning en die storielyn

e; c; b; d; a

## Die verteller

1. Die leerder kan enige sin aanhaal waarin die woord “ek” of “ons” verskyn, dialoog uitgesonderd.
2. Stephan loer vinnig na Cobus se rekenaarskerm.

## Tema

Juffrou Beneke is ’n baie ernstige onderwyseres. Sy beplan ’n aaklige skooltoer, maar wanneer sy in ’n lewendige geraamte verander word, verander sy ook. Sy word ’n lewenslustige mens (of dan geraamte) wat die lewe met nuwe lus en ywer aanpak. Sy doen vreemde goed, maar dit laat ’n mens lag en lekkerkry. Wanneer haar lewe tot ’n einde kom en sy haar te pletter val, besef die leser dat ’n mens se lewe kort is en jy moet dit geniet terwyl jy dit het. Gelukkig kry juffrou Beneke ’n tweede kans – hierdie keer as ’n regte mens.

## Omgewing

1. *Geraamte in die klas* speel hoofsaaklik af by Laerskool Laagkruin, in die skoolbus en by verskeie vakansieplekke.

2. Juffrou Beneke gaan swem, maar in die see kom sy te staan teen ’n woeste seekat. Die streng klasomgewing het ook ’n invloed op Cobus en Stephan. Dit perk hulle in, maar hulle probeer om die reëls se grense te skuif.
3. Die antwoord is oop vir interpretasie.

### Lokteks

1. Juffrou Beneke
2. Nee – “per ongeluk”
3. Ja, die lokteks sê een van juffrou Beneke se leerders, Stephan, vertel die verhaal.
4. Die uitgewers maak ons nuuskierig oor wat gebeur. Ons vra onsself af: “Hoe kan ’n juffrou in ’n geraamte verander?”
5. Die antwoord is oop vir interpretasie.
6. Die antwoord is oop vir interpretasie.

### Resensie

1. Jeané Joubert en Judy van Bergen
2. *Jip* en *Huisgenoot*
3. Die kinders speel ’n rekenaarspeletjie, nie Playstation nie.
4. Vier sterre
5. “wonderlike”
6. “Die busbestuurder kies die hasepad . . .” Die busbestuurder hardloop weg. “Die boek laat jong lesers kraai van die lag en is ’n moet.” Die boek laat jong lesers baie hard lag.
7. “konsternasie”
8. Nee, die eerste resensent sê die teikengehoor is 10-13 jariges. Die tweede resensent is van mening dat die boek geskik is vir 6-10 jariges.
9. Die antwoord is oop vir interpretasie.
10. Die tweede resensie lees makliker. Die woordorde, sinskonstruksie en lang sinne in die eerste resensie maak dit moeiliker om te lees.
11. Die eerste resensie is meer informeel. Daar is Engelse woorde in die resensie.
12. Die antwoord is oop vir interpretasie.

# Bronne

## Boeke


- Baignet, H. (1989) *Outlines, the secrets of studying English literature.* Cape Town. College Tutorial Press.
- Cloete, T.T. (1992) *Literêre Terme & Teorieë.* Pretoria. HAUM-Literer.
- Smuts, J.P. (1998) *Die roman, 'n inleidende studie*. Kaapstad. Human & Rosseau.


## Webblaaie


- http://ababasoft.com/speedreading/five_types_of_reading.htm
- http://www.storiewerf.co.za
- http://www.nb.co.za


∞